RENT A PC on EASY TERMS at AUDIOVISION STELLENBOSCH Tel: 886-6862

Die Matie
ONAFHANKLIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH SEDERT 1941
INDEPENDENT STUDENT NEWSPAPER OF THE UNIVERSITY OF STELLENBOSCH SINCE 1941

RENT A PC op MAKLIKE TERME at AUDIOVISION STELLENBOSCH Tel: 886-6862

GRATIS OP KAMPUS VERSPREI | NO 1 | WOENSDAG 1 SEPTEMBER 1999

# Rudi quits after battle for chair




FOTO: WERNER BARNARD

*Rudi Buys, having received the most votes in the SRC elections, walked out after losing the battle for chair.*

**NEWS** p2

## NEWS



*Wouter Lombard disciplined after contravening the terms of a settlement.* p3

*SRC elections run smoothly in spite of extensive problems with Information Technology.* p3

## CURRENT AFFAIRS



*Gay people, campus and the church: What are the implications of the NG Kerk's recent report?* p13

*New SRC-chair speaks her mind about Rudi and the rest.* p13

## Dag en Nag



*Replacing Garage, Brolloks is the newest on the nightlife-scene in Stellenbosch.* p11

*Dagbreek takes the honours at the annual Kampustoneel competition.* p9





THE MUFFIN SHOP
40 RYNEVELD STREET
STELLENBOSCH
near Richards

Fifteen flavours to choose from!
Discount on large quantities!
Tel: 8838087

Fotofast
20% Studente Afslag
Ontwikkeling & Afdrukke en Kleurkopië
EIKESTAD MALL, ANDRINGA STRAAT TEL: (021) 883 3435

# Buys loop ná verkiesing

## "Laat studente in die steek" met bedanking uit SR, sê rektor

**LIZE SHERRIFF**


FOTO: WERNER BARNARD

**AND NEVER THE TWAIN SHALL MEET?** Rudi Buys en sy opponent, Peggy le Roux, kort voor die SR-voorsittersverkiesing

RUDI BUYS, wat die meeste stemme in die pas afgelope SR-verkiesing gekry het, het kritiek van onder meer die rektor op die lyf geloop ná hy kort na die voorsittersverkiesing uit dié liggaam bedank het. Dit het gelei tot voorstelle dat die SR-voorsitter direk verkies moet word.

Buys het verlede week die voorsittersverkiesing teen Peggy le Roux verloor. Le Roux het die tweede meeste stemme (1688) gekry, teenoor Buys se 2210. Sy is Woensdagoggend deur die nuwe SR tot voorsitter verkies met tien stemme teenoor vyf.

Buys, wat vanjaar ondervoorsitter was, het verlede jaar die voorsittersverkiesing teen Wynoma Michaels met veertien stemme teenoor een verloor.

Intussen het prof Andreas van Wyk, die rektor, gesê Buys het die studente wat vir hom gestem het "in die steek gelaat". In 'n e-posboodskap wat hy aan die nuwe SR gestuur het, waarvan *Die Matie* 'n kopie bekom het, sê Van Wyk hy het sy "bedenkinge" oor die praktyk dat voorsitterskandidate uit die SR bedank as hulle nie tot voorsitter verkies word nie. "Dit is...fundamenteel 'n uiters ondemokratiese praktyk wat ook die geloofwaardigheid van die nuwe SR van die begin af ondergrawe," sê Van Wyk. "Dit het byvoorbeeld nou daartoe gelei dat die kandidaat wat die meeste stemme in die verkiesing gekry het, nie meer in die SR is nie!"

Buys het aan *Die Matie* gesê die visie wat hy vir die SR gehad het, sou slegs uitgeleef kon word in die voorsitterstoel. "Kwessies soos die statuut en die Institusionele Forum pas binne die raamwerk van die *nasionale* proses van herstel en opbou," het hy gesê. "Dit is my fokus om vanaf die nasionale agenda te werk tot na waar die universiteit daar inpas.

"Dit is hier waar Peggy 'n ander fokus as ek het. Sy fokus meer op spesifike sake, wat haar ook 'n baie effektiewe voorsitter gaan maak, maar dit is nie hoe ek dit wou benader nie."

Buys het ontken dat daar 'n geskil tussen hom en Le Roux is; hy het eerder bedank weens 'n verskil in fokus. Hy het beklemtoon dat hy Le Roux in haar voorsitterskap steun.

Hy het gesê dat hy nié die mense wat vir hom gestem het, verraai nie. "Ek weet dat die meerderheid kiesers vir my gestem het, en alhoewel ek in verteenwoordiging glo, is ek nie verkies in die rol waarvoor hulle vir my gestem het nie."

Buys het gesê hy steun die stelsel waarvolgens die SR direk vir die voorsitter stem.


FOTO: BEMARKING EN KOMMUNIKASIE

**UIT DIE BINNEKRINGE** Me Naledi Pandor, voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies en voormalige lid van die Universiteitsraad, het gisteraand by SPOG se afsluitingsfunksie gepraat. *Die Matie* sal in die volgende uitgawe uitvoerig oor haar toespraak berig.

## Le Roux beloof SR "meer effektiewe verteenwoordiging"

**JACOBUS SCHIETEKAT**

"DIT IS belangrik dat die nuwe SR doelwitte stel wat bereik moet word. Waardes as grondslag in hierdie proses is wel belangrik – veral by 'n universiteit waar deursigtigheid dikwels in die slag bly – maar dit is slegs 'n nuttige proses indien dit iets konkreets bereik."

Só het Peggy le Roux, nuutverkose SR-voorsitter, tydens die voorsittersverkiesing gesê.

Die voorsitter is deur die nuwe SR gekies op die eerste amptelike vergadering verlede Woensdag, die oggend net na die verkiesingsuitslae deur die stembuskonvenors aangekondig is.

Beide kandidate (Le Roux en Buys) het 'n toespraak gelewer, waarna die SR-lede vrae aan die kandidate kon stel. Baie van die vrae het gehandel oor die kandidate se houding jeens transformasie by die universiteit.

Le Roux meen die transformasieproses wat tot nou toe aan die US plaasgevind het, het homself aan baie kritiek oopgelaat. "Studente probeer al baie lank om transformasie strukture funksioneel op die been te bring en daar bestaan nou nog twyfel oor hoe ernstig die raad die aanbevelings van die IF gaan opneem," het sy in haar toespraak gesê.

Nadat Le Roux, die vierde agtereenvolgende vroulike SR-voorsitter, tot die posisie verkies is, het Buys van die SR bedank.

Voordat hy uit die vergadering gestap het, het hy egter sy volle vertroue in Le Roux as voorsitter uitgespreek. Hy het gesê die visie wat hy vir die SR gehad het kon slegs deur die voorsitterstoel uitgeleef word.

Le Roux het haar vertroue in haar nuwe SR uitgespreek.

Dit is by haar "'n passie" om te streef na effektiewe studenteverteenwoordiging, het sy gesê.

## NUUSFLITSE
## *newsflashes*

**KONSERVATORIUM DIÉ JAAR 21**

Die universiteit se konservatorium vier vandeesmaand sy 21ste bestaansjaar. Daar is verlede week twee konserte gehou om dié geleentheid te vier.

Inligting oor verdere optredes is beskikbaar by me Marlene Baadjies by tel 808-2343.

**NUWE WANDELPAD VIR STELLENBOSCH OPPAD**

'n Aantal Stellenbosse wandelpaaie gaan verbind word om 'n nuwe roete te vorm, het mnr Dave Pepler van die Fakulteit Bosbou verlede week gesê. Talle bekendes in die wynwêreld sal dié wandelpad borg. Hierdie besienswaardigheid sal in die omgewing bo Coetzenburg geleë wees.

**SANLAM BORG KURSUS IN SAKEJOERNALISTIEK**

Honneursstudente aan die Departement Joernalistiek sal voortaan ook 'n kursus in sakejoernalistiek ontvang, danksy 'n borgskap van Sanlam.

Intussen het die universiteit bekend gemaak dat dr Johan Retief, redakteur (buiteland) van *Die Burger* in Kaapstad, volgende jaar in mnr Bun Booyens se plek by die departement sal klasgee.

***DOEN NOU AANSOEK VIR MATIEDAGBOEK***

Aansoeke vir die poste van assistent-redakteur, taalversorger en uitlegkunstenaar van die *Matiedagboek* is nou beskikbaar.

Aansoekvorms kan by die SR-kantoor gekry en ingegee word.

**VERSTAAN AL DAARDIE VREEMDE AFKORTINGS**

Daar is hoop vir diegene wat hoegenaamd nie al die universiteit se vreemde afkortings verstaan nie. 'n Volledige lys van algemene afkortings wat in akademiese dokumente gebruik word, is beskikbaar by http://www.sun.ac.za/local/admin/communic/afkortings.htm

**E-POS NUUSWENKE AAN *DIE MATIE***

Alle nuuswenke is welkom by *Die Matie*. E-pos kan aan Deon Wiggett, die nuusredakteur, gestuur word by die adres deon@diematie.sun.ac.za

OPTICAL EYES
OPTOMETRISTS · OOGKUNDIGES
CHRISSIE PIEK
Shop G10 Winkel
Neelsie Centre / Sentrum
Matieland
TEL: 887 1778
FAX: 883 2049

Exam Stress?
Needing to cram that info quickly?
Take Stress Essense and Study Essence for amazing results
SOUTH AFRICAN FLOWER ESSENCES


For your nearest stockist contact us at:
PO Box F1, Constantia, South Africa, 7848
Tel: (021) 794 6762 Fax: (021) 794 7238 Email safloweress@x400.emg.co.za

Sophia's
Buying, selling, hiring
Funky Retro &
Vintage Clothing, Jewelry,
Accessories & Imported Goods
1 Crozier Street
Stellenbosch 7600
Tel: (021) 8876344
Cell: 082 920 9091

## Só lyk die uitslae van stemmery

DIE VOLLEDIGE uitslae van die pas afgelope SR-verkiesing word hier onder weergegee.

1. Rudi Buys (2210 stemme); 2. Peggy le Roux (1688); 3. Wouter Lombard (1497); 4. Caroline Shackleford (1215); 5. Anelde Greeff (1141); 6. Karien Bezuidenhout (1019); 7. Louise Swiegers (917); 8. Jan Erasmus (913); 9. Ania Boldireff-Strzeminska (899); 10. Stephanus Weyers (869); 11. André Kruger (828); 12. Izak van Heerden (790); 13. Brendan Robinson (775); 14. Victoria Clephane (754); 15. Jaco van Zyl (682); 16. Almari de Lange (637); 17. Jonathan Jantjies (615); 18. Thinus Krüger (581); 19. Irvin Titus (565); 20. Ernst Swart (551); 21. Hans Gildenhuys (516); 22. Jason "Ogies" Bussey (508); en 23. Johannie Malgas (437).

# SR-lid skuldig bevind in tugsaak

MARTHINUS JANSEN VAN VUUREN

WOUTER Lombard, nuutverkose SR-lid (Verenigings en Advieskantoor) is verlede week tot gemeenskapsdiens gevonnis in 'n tugsaak wat volg op die diefstal van MFM se lugdraad verlede jaar.

Hierdie was die tweede keer wat 'n tugsaak oor dié aangeleentheid teen Lombard aanhangig gemaak is.

MFM was verlede jaar vir twaalf ure van die lug ná die stasie se lugdraad op die Schumanngebou deur inwoners van Helshoogte manskoshuis se vloer agt gesteel is. Twee Helshoogters is tot vyftien uur gemeenskapsdiens oor dié saak gevonnis. Lombard, as HK-lid, het verantwoordelikheid vir toesig oor dié twee aanvaar as deel van 'n skikking met MFM. Ná die gemeenskapsdiens nie uitgevoer is nie, het MFM weer 'n klag teen Lombard gelê.

Hy is daaraan skuldig bevind dat die gemeenskapsdiens nie uitgevoer is nie, waarop hy self vyftien uur se gemeenskapsdiens opgelê is. Die afdeling Studentesake het dié vonnis bevestig. Lombard het egter eergister aan *Die Matie* ontken dat hy skuldig bevind is in die saak bevind.

Lombard was ook verlede jaar in die pekel nadat hy as MFM-omroeper oor die lug bedank het uit protes teen die stasie se bestuur. MFM wou 'n tugsaak hieroor maak, maar die universiteit wou nie die saak verder voer nie, het 'n MFM woordvoerder destyds aan *Die Matie* gesê.

### Volle ondersteuning

Peggy le Roux, nuwe SR-voorsitter, het eergister gesê sy en die SR ondersteun Lombard ten volle, die saak rondom hom ten spyt. "Ek glo dat hy 'n baie effektiewe en doeltreffende SR-lid sal wees," het sy gesê.

Teen druktyd was daar sprake van verdere tugstappe teen Lombard. Lede van die studente-unie, wie se identiteite aan *Die Matie* bekend is, het dit oorweeg om, kragtens die grondwet van die studente-unie, regstappe teen Lombard te neem.

FOTO: WERNER BARNARD



**EK REIK NA DIE STERRE** Wouter Lombard hoor, met die middernagaankondiging in die Neelsie, dat hy die derde meeste stemme in die SR-verkiesing gekry het.

# SR-verkiesing verloop met rukke en stote

JACOBUS SCHIETEKAT

*SR-verslaggewer*

LINE MARE, 'n student in die Lettere, staan al vir agt minute in die tou om te stem vir haar nuwe SR. Sy is een van 3594 studente wat verlede Dinsdag besluit het om haar stem op kampus te laat geld.

Ondanks onlangse omstrendenheid rondom die legimiteit van die SR en die verlenging van die nominasie sperdatum – omdat daar aanvanklik te min kandidate was – het sy haar volle vertroue in die SR as verteenwoordigende studenteliggaam uitgespreek.

"Ek voel dat elke student wat belangstel in sy universiteit se plig is om vir die kandidate te stem waarin hy of sy vertroue het. Ek stem nie altyd saam met alles wat die SR doen of sê nie, maar ek weet dat daar baie dinge op kampus is wat nie sou kon funksioneer sonder die SR nie," het sy aan *Die Matie* gesê.

Mare was een van die gelukkige studente wat geen probleme by haar stempunt ondervind het nie. Probleme met Informasietegnologie, wat deur 'n stembuskonvenor as "uitgebreid" beskryf is, het daartoe gelei dat stempunte by twee handelsgeboue en in die Neelsie laat geopen het.

Stemming by Tygerberg-kampus en Militêre Akademie het sonder probleme verloop.

Maar nie al die studente op die kampus was so positief soos Mare oor hulle reg om te stem nie. Dit het daartoe gelei dat die stempersentasie slegs 24% van die stemgeregtigde studente beloop het: sowat 10% minder as verlede jaar.

"Ek is skepties tot welke mate die laer stempersentasie veroorsaak is deur die stemlokale wat laat oopgemaak het," het Deon Wiggett, medestembuskonvenor, vroeër vandeesweek gesê.


### Tevrede met SR

"Ek dink die laer stempersentasie kan enersyds daaraan toegeskryf word dat mense oor die algemeen tevrede was met die uittredende SR, en andersyds dat vanjaar se verkiesingstryd minder interessant as verlede jaar s'n was," het hy gesê.

Tog het Wiggett die verkiesing as suksesvol beskryf. "Die stembuskonvenors is daarvan oortuig dat alle studente wat wou stem, genoegsaam geleentheid gehad het om dit te doen. Ons is verseker dat die verkiesing vry en regverdig was, en dat 'n legitieme SR só verseker is."

Die uitslag is, soos gebruiklik, Dinsdag om middernag in die Neelsie bekendgemaak.

FOTO: WERNER BARNARD



**HANDE IN DIE HARE** Die stempunt in die Neelsie is een van dié wat laat geopen het weens "uitgebreide" probleme met Informasietegnologie

## SR-lede se portefeuljes bekend

DIE SR se portefeuljes vir 1999/2000 is die afgelope naweek op hul beplanningsberaad vasgestel. Die onderstaande indeling is steeds onderworpe aan goedkeuring op volgende week se SR-vergadering.

*Peggy le Roux:* voorsitter
*Stephanus Weyers:* UK, ondervoorsitter, Skakelings, SR-beursfonds
*Louise Swiegers:* UK, Tesourier, Media
*Caroline Shackleford:* UK-sekretaris, Studente-ontwikkeling, Omgewingsake
*Nadene Badenhorst:* UK, Akademiese Belange
*Wouter Lombard:* Advieskantoor, Verenigings
*Karien Bezuidenhout:* Kultuur, Sekretaris, Argief
*André Kruger:* Gemeenskapsdiens, Erekleure
*Anelde Greeff:* SPOG, Karnaval
*Jan Erasmus:* Studentebelange
*Ania Boldireff-Strzeminska:* Bemarking, Sosius
*Izak van Heerden:* Sport, LSS, Trivarsity
*JM Erasmus:* Primkomitee (koshuise)
*Michael Baine:* Primkomitee (PSO-wyke)
*Nico Nel:* Tygerberg

# Pelser lei *Die Matie* se nuwe redaksie

WALDIMAR Pelser, 'n regstudent in sy derde jaar, is pas verkies as redakteur van *Die Matie* vir 1999/2000.

Pelser was vanjaar redakteur van *Die Matie* se aktuele afdeling.

Die twee assistent-redakteurs is Danie Smit (voorheen hooftaalversorger) en Jacolette Kloppers (voorheen redakteur: Studentelewe).

Dié posisies en die res van die hoofredaksie is twee weke gelede deur *Die Matie* se redaksie verkies.

Deon Wiggett is vir 'n tweede termyn as nuusredakteur gekies. Die ander bladredakteurs is Martina Smit (Aktueel), Melanie Daly (Dag en Nag), Heather D'Alton (Sport), Pierre du Bois (Interkampus) en Mandy Rossouw (Studentelewe).

Roy Havemann is verkies as advertensiebestuurder, Werner Barnard as hooffotograaf en Carl Scheffler as rekenaarbestuurder. Die taalversorgers is Hugo Loubser en Schalk Engelbrecht.

Volgens Pelser "moet *Die Matie* voortgaan om studente krities te hou: in die eerste plek deur verantwoordelike beriggewing".


### Betrokke by prosesse

"Kampus moet betrokke *voel* by prosesse wat vir die universiteit belangrik is, en daarin speel *Die Matie* 'n groot rol. Probleme moet aangespreek word in die belang van studente, en nie geskep word ter wille van sensasie nie."

Pelser het gesê redaksionele veranderinge aan *Die Matie* sal hoofsaaklik verband hou met "die visie van verantwoordbaarheid".

"*Die Matie* moet probeer publiseer waarin studente in die breë belangstel," het hy gesê, "maar het ook 'n belangrike funksie as meningsvormer op kampus."

Volgens Pelser moet *Die Matie* studente "prikkel, vermaak en inlig".



**STUURMAN** Waldimar Pelser

## Rektor kuier weer in die vreemde

PROF ANDREAS van Wyk, die rektor, het vroeër dié week vertrek op 'n reis na Brittanje. Volgens mnr Hans-Peter Bakker, die universiteit se kommunikasiehoof, gaan Van Wyk by 'n aantal universiteite daar besoek aflê.

"Die universiteit het kontak met baie universiteite in Europa," het Bakker gesê. "Ons spits ons nou op Amerika en Brittanje toe." Dit is deel van die US se toenemende internasionalisering, het hy gesê.

Volgens Bakker het Van Wyk se besoek aan Amerika verlede jaar reeds vrugte begin afwerp.

Bakker het bevestig dat Van Wyk se reis op universiteitsonkoste is.


*Die* **Matie**

**FOR MORE NEWS...**

VISIT

**www.sun.ac.za/diematie**


# Liza neem Matie FM die nuwe millennium binne

LIZA HITGE, tans advertensiebestuurder van Matie FM, is aangestel as bestuurder van dié kampus- en gemeenskapsradiostasie. Hitge neem aan die einde van volgende maand oor by Martin Sims.

Ian Bredenkamp, gewilde aanbieder van MFM se ontbytprogram en ook 'n bestuurslid oor die afgelope jaar, is aangestel as programbestuurder.

Die res van die bestuur, wat direk verkies word is soos volg: Gerjo Hoffman (bemarkingsbestuurder), Tinarie Van Wyk-Loots (bestuurder: spesiale geleenthede), Christo Valentyn (musiekbestuurder) en Ignatius Vlok (direkte verkope-bestuurder).

Luidens 'n verklaring van MFM is die nuwe bestuur "gereed om te verseker dat MFM in die toekoms selfs groter hoogtes bereik".

Snyman, die uittredende programbestuurder, keer na die teater terug.


**Caricatures**




It's fast, fun, fantastic and for any occasion
Parties, Weddings, Functions and Promotions

PATRICIA MILLER
082 973 1338

# Vereniging vir gays op kampus skop vanaand af

**ANNEKE VILLET**

DIE US se eerste amptelike gay en lesbiese organisasie hou vanaand sy amptelike opening in die Neelsie.

Die stigting van dié vereniging, wat as "Les-Be-Gay" bekend sal staan, is onlangs deur die Universiteitsraad goedgekeur.

Volgens Jeanine Cameron, voorsitter van die vereniging, is daar deur alle relevante kanale gegaan om die organisasie op die been te bring. Les-Be-Gay se grondwet is reeds aanvaar en het in werking getree.

Die vereniging se oogmerke, luidens die grondwet, is die bekamping van homofobie aan die universiteit en in die gemeenskap, die ondersteuning van homoseksuele en biseksuele studente en personeellede van die universiteit, en die daarstelling van 'n organisasie wat gebaseer is op die beginsels van anti-homofobie, antiseksisme en anti-rassisme, met die klem op respek en verdraagsaamheid.



**KAMPVEGTER** Jeanine Cameron

Cameron het beklemtoon dié organisasie spits hom nie eksklusief op homoseksuele of biseksuele mense toe nie, maar ook op diégene wat net hul ondersteuning aan dié groepe wil verleen. Daarom beoog Les-Be-Gay om so veel as moontlik in die gemeenskap betrokke te raak.

"Ons wil graag dien as 'n spreekbuis en opvoeder vir die breër kampus, veral wat kwessies soos veilige seks betref," het sy gesê. 'n Verdere vooruitsig is samewerking met organisasies soos die Studente-Alliansie vir Transformasie (SAVT) en Les-Be-Gay se suster-organisasie aan die Universiteit van Kaapstad.

"Die vraag is nie *hoekom* ons so 'n organisasie moet stig nie," het Cameron gesê, "maar hoekom *nie*".

• Studente en personeellede van alle seksualiteite is na vanaand se opening genooi. Dit vind om 19:30 vir 20:00 in die Vrouevereniging-saal bo in die Neelsie plaas.

FOTO: WERNER BARNARD



**HOE KOUD IS DIE WINDJIE EN SKRAAL** Die eerste sneeu van die winter het verlede week op die Stellenbosse berge geval. Dosente het laer klasbywoning rapporteer: vermoedelik weens die koue.

# New investigator solves number of cases at USPS

**KEVIN SCOTT**

*Crime Reporter*

AS PART of the effort to curb the rising crime rate around campus, US Protection Services (USPS) has employed a former SA Police Services Investigating Officer.

Superintendent Lourens le Roux is an "an asset" to the USPS, according to USPS head Viljoen van der Walt. "Le Roux has over thirty years investigative experience," he said.

The request for incidents to be investigated has increased, only allowing certain cases to be followed up.

Thus far Le Roux has, in one month of service, sorted out all pending cases that had not previously been dealt with. This enables the USPS to handle a case as it is received, improving efficiency, according to Van der Walt.

Le Roux said the work is very different from his previous years of work, but is "very interesting".

"I enjoy working with students. I've been at Stellenbosch a long time and I find they're very pleasant to work with," Le Roux told *Die Matie*.

Le Roux has worked in the Stellenbosch SAPS detective branch before being transferred to Paarl.

"Le Roux has the knowledge and experience we are looking for to assist in investigative duties, as well as formal procedures required within the law," Viljoen said.

His function is both an internal and external one. Internal investigations will focus mainly on crime on campus, with the external duties being to liaise with the Police Services.

According to him, one of Le Roux's duties will be to help students to make statements, which in the past many have found intimidating. This will lead to a higher percentage of felons being prosecuted.

Le Roux has been working on a contractual basis since the beginning of August.

# "Ek het nié sêrfees geboikot," sê koordirigent

**LERI CRAFFORD**

ME SONJA van der Walt, dirigent van die Universiteitskoor, het ten sterkste ontken dat sy willens en wetens 'n kooroptrede op dieselfde tyd as die sêr gala-aand geskeduleer het. Dit volg op berigte dat Van der Walt 'n kooroptrede op 17 Augustus geskeduleer het, hoewel sy daarvan bewus was dat talle koorlede dié aand aan die finaal van die sêrkompetisie moes deelneem.

"Dit is glad nie my werk om kooroptredes te reël nie," het sy gesê. "Ek is verkeerdelik by die storie betrek."

Volgens Van der Walt is die kooroptrede in Worcester al verlede jaar geskeduleer. Dié optrede is gekanselleer toe die US-koor deur die Universiteitsraad ontbind is. Dit was ook in dié tyd wat die datum van die sêr gala-aand vasgestel is. Die Worcester-optrede is herbevestig ná die raad sy besluit om die koor te ontbind, herroep het. Die botsing het volgens Van der Walt uit dié tyd gespruit.

Van der Walt het gesê dit is die werk van me Philippa Kotze, koorbestuurder, om optredes te skeduleer.

Volgens Yolanda Amoraal, koorvoorsitter, het Van der Walt níks met die botsing te doen gehad nie.

Die sêr gala-aand moes na sesuur vervroeg word om koorlede wat ook in sêr-groepe sing te akkommodeer.

• *Die Matie* vra Van der Walt om verskoning as die berig "Gala-aand van sêrkompetisie in omstredenheid gedompel" in die vorige uitgawe die indruk geskep het dat sy vir die botsende optredes verantwoordelik was.


*Die* **Matie**

OGGENDPOS BESKIKBAAR

**Administratiewe Bestuurder**

**PLIGTE**
• Finansiële bestuurder van Die Matie – verantwoordelik vir beheer oor in- en uitvloei van geld.
• Algemene bestuurspligte, insluitend die beantwoord van die telefoon tydens die te bepaalde kantoorure.

**TERMYN**
September 1999 tot Augustus 2000, 3 oggende per week.

**VEREISTES**
• Goeie menseverhoudinge
• Rekenaargeletterdheid (Windows, insl Word en Excel)
• Ervaring in die hanteer van finansies / finansiële bestuur sal in kandidate se voordeel tel.

**AANBEVEEL**
'n Nagraadse student wat bereid sal wees om besige ure in die kantoor te spandeer.


Aansoeke sluit 1 Oktober 1999. Kom maak asseblief 'n afspraak vir 'n onderhoud by Die Matie kantoor. Volledige CV vereis.

**VIR MEER INLIGTING**
• **TEL** (021) 808 3539 of
• **E-POS** waldimar@diematie.sun.ac.za



*Gegradueerdes...*

*wil u binne 3 jaar 'n LLB graad aan die US verwerf?*



Alle persone wat reeds 'n B-graad verwerf het of aan die einde van die jaar gradueer word daarop gewys dat die Fakulteit Regsgeleerdheid reeds vanjaar 'n driejarige LLB-graadkursus ingestel het vir voltydse nagraadse studente.

Alle gegradueerdes wat 60% in hul hoofvakke behaal het, en bereid is om hard te werk, kan aansoek doen vir toelating in 2000. Toelating is egter onderworpe aan verdere keuring.

Indien u moontlik nou 'n loopbaankoersaanpassing oorweeg, kontak gerus die ondergenoemdes.

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

**Mnr D Solomons**
Fakulteitsekretaris
Administrasie A3024
Tel 808-4850

**Prof JSA Fourie**
Dekaan
Fakulteit Regsgeleerdheid

# Faithless-liedjie op Potch kampusradio verbied

POTCHEFSTROOM – Die uitsaai van 'n "godslasterlike" liedjie van die Britse musiekgroep Faithless is verbied op Radio PUK, die radiostasie van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

'n Dispuut het onlangs onder sekere van die Radio PUK-lede ontstaan rondom die liedjie. Sekere lede het gevoel dat dit godslasterlik is; ander het dit as 'n uiting van die groep se Christelike oortuigings beskou.

'n Stemming is deur alle lede van die radiostasie gehou en die Faithless-liedjie is afgekeur.

Die liedjie, "God is a DJ", is verbied omdat dit nie in lyn is met die radio se missie wat dit verplig om die "Christelike karakter" van die universiteit te handhaaf en uit te dra nie.

Om te bepaal of 'n liedjie aan die vooropgestelde vereistes voldoen of nie, luister Peter Santana, Radio PUK se musiekbestuurder, en Michael Joubert, die stasiebestuurder, noukeurig na die gratis musiekalbums wat die stasie van musiekmaatskappye ontvang, en besluit dan op grond van bepaalde faktore of die betrokke album aanvaarbaar is of nie.

Hierdie faktore sluit onder andere in hoe goed die album op ander radiostasies vaar, of die album by Radio PUK se styl pas, wat die studente se algemene gevoel oor die musiek is, en of die album by die "Hoër Christelike Onderwys karakter" van die Potchefstroomse Universiteit pas. Liedjies met seksuele konnotasies word ook nie toegelaat nie. *-Die Wapad*



**FAITHLESS** Radio Puk interpreteer hulle musiek as godslasterlik.

## Satanisme vermoed ná bokreste by UOVS gevind is

BLOEMFONTEIN – "Vreemde gebeure" het die Beskermingsdienste van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat laat alarm maak.

Op verskillende kleedkamers op kampus se spieëls is kerswasspatsels gevind, dertien swart kerse is in die middel van 'n park gevind, en oorblyfsels van 'n duiker of steenbok is in die nag by 'n vrouekoshuis gevind.

Toe daar op 'n groep afgekom is wat op 'n sokkerveld by "vreemde sirkels" vergader het en besig was met "vreemde rituele", het die deelnemers uitmekaargespat.

Die UOVS Beskermingsdienste is tans besig met 'n ondersoek oor die voorvalle, maar sê daar kon nog "geen bewyse gevind word dat dit wel met die okkulte verbind kan word nie". *-IRAWA*

## Swiss keep up with trends

FRIEDERIKE BUBENZER

ST GALLEN – The University of St Gallen in Switzerland started a programme to keep up with the increasing pace of globalisation. The programme, known as Eurotour, aims to provide students with cross-cultural experiences, which will facilitate future business relations. It is a bilateral programme organised by Europe's leading Exchange Organisations.

From two universities, twenty students are selected to participate. All forty students then spend a week in each participating country.

The two weeks are spent with the focus on a current economic topic, which is elaborated on by lectures, company visits, workshops and debates. In order to get the students acquainted with the other culture and its student life, the program also makes provision for a variety of social functions. *–Translated from German*

# Balkan war refugees find new home on campus in Austria

FRIEDERIKE BUBENZER

VIENNA– Refugees from the former Republic of Yugoslavia were given a new home by students from the University of Vienna (Austria) who decided to make use of unoccupied university housing to provide refugee families with shelter.

The project, which is called "Bosnian Guests at the University of Vienna", was started in the European autumn of 1992 – the time of the devastating Balkan Wars. By winter the campus was accommodating fourteen Bosnian refugee families (54 people) on campus, a figure that increased to 150 by the end of the year.

The traumatised refugees were offered psychological and emotional support to overcome the horrific experiences they had survived. The Psychology department proceeded to organise basic forms of volunteer support for adults, and playgroups for their children.

Recently, the same group of campus societies came together in order to start a project for Kosovo victims – "An hour for Kosovo". This product raised nearly R 200 000.

The money was donated to the European non- governmental organisation "Ärzte Ohne Grenzen" (Doctors Without Limits), who used the money to redevelop the medical infrastructure in the crisis area by supplying 150 000 refugees with essential health care.

To aid the process and offer hands-on support, 50 students from Vienna have joined "Ärzte Ohne Grenzen" in order to provide amateur help needed in the crisis-areas. *–Translated from German*



PHOTO: TIME MAGAZINE

**NOWHERE TO GO** Refugees from the war-torn Yugoslavian province of Kosovo often escape with little more than their lives.

# Edinburgh students caught in the UK's biggest plagiarism scam ever

EDINBURGH – In what is known as Britain's largest case of alleged plagiarism, 117 first-year computer science students are accused of cheating by using electronic mail to copy each other's work plans.

### Inquiry launched

The university began an inquiry in July after the Board of Examiners found similarities in the work of 91 students for an unsupervised practical exercise in which they had to write a programme.

Investigations, in which e-mail messages were checked, revealed that a further 26 students were involved.

The students say they discussed the exercise after reading in the course guide that they could "obtain help and advice regarding practical work from your tutor, from demonstrators in the lab and workroom, and indeed from your colleagues".

### Investigation "unfair"

The students allege that the investigation carried out by the university was in breach of natural justice.

They claim they were not given the opportunity to defend themselves until after they had been found guilty of wrongdoing.

Although they admit that they discussed course work with others via e-mail, at no time did they think they were cheating.

They are demanding a withdrawal of the allegations and the removal of any adverse comments from their records. They also want an apology.

### Defamation of character

One of the students plans to take her complaint further: she is to seek damage costs for defamation of character, compensation for the costs incurred last year, and reimbursment for any loss of earnings caused by the delay in her education.She also plans to ask for compensation if she were to lose a year in seeking a new university place.

She does not plan to return to Edinburgh for her second year.

Her father said yesterday that the university's behaviour was "scandalous" and that it has ruined his daughter's summer holidays.

"I find it difficult to believe that a university should behave in this way.

"At no time has any member of the university attempted to speak to my daughter to try and explain the allegations against her or to hear her response," he said.

Students are shocked that the Edinburgh University has released information to the press about an investigation into a student's behaviour and the findings of that investigation prior to communicating with the students involved.

### Poor teaching blamed

Students demand to see the evidence the university has of the alleged cheating, which has not yet been supplied.

Various claims have been made that poor teaching left students with little option but to help each other with the task.

The university has denied that its teaching was in any way substandard, and its spokesperson commented: "We firmly believe that the Board of Examiners acted correctly in this case." *-The Times*

# Sisulu couple receives honorary doctorates

JOHANNESBURG – The University of the Witwatersrand has honoured Walter and Albertina Sisulu with the degree of Doctor of Law (*honoris causa*) at a graduation ceremony on 24 June 1999.


Mr Sisulu, 87, is the former chairman of the ANC ,while Albertina, 71, is an executive member of the ANC women's league, which she helped reestablish in 1990; in 1994 she was elected to represent the ANC in parliament.

### Devoted to democracy

An official citation released by the university states that Walter Sisulu is "a great political leader who has never, during the decades of unspeakable persecution, wavered in his devotion to democracy and equality". It says that Mr Sisulu is considered by historians to be "one of the three most important black political leaders in this country, the others being Nelson Mandela and Oliver Tambo".

Sisulu was released in 1989, after spending some twenty-five years in prison for planning acts of political sabotage.

Mr Sisulu, a former chancellor of the University of Venda, was born in 1912 and has had formal education only up to standard four. Later he worked in a dairy and in the gold mines before getting fully involved with the ANC.



**SISULU** One of the "big three leaders"

Albertina Sisulu joined the ANC's freedom movement in the 1940's. She was one of the very first people in South Africa to be detained under the 90 day detention law and later was under house arrest for seventeen years. *– Wits Press Release*

*Die* **Matie**

NO 1 • 1 SEPTEMBER 1999

### Kundige verteenwoordigers nodig

Veranderinge wat op Stellenbosch wag is nog vir min 'n werklikheid. Die pasaangewese SR sit met die probleem dat duisende studente nie weet wat op institusionele vlak om hul aangaan nie, en in meeste gevalle daardeur min geraak voel. Die jaar wat kom is juis om dié rede belangrik, aangesien studente vir die eerste keer groter inspraak gaan kry in magies-verhewe liggame soos die raad en senaat. Indien voldoende benut, kan dié geleentheid 'n meer gesonde familiariteit tussen bestuur en student kweek. Laat ons hoop dat die verkose verteenwoordigers hul taak ernstig genoeg sal opneem, en nie sal vergeet in wie se belang hulle optree nie.

### Wouter, Jan, Rudi

Intussen neem die afwagting toe rondom SR-lede Wouter Lombard en Jan Erasmus. Lombard, wat aan *Die Matie* ontken het dat hy onlangs in 'n tugsaak skuldig bevind is, is aan die studente-unie 'n verduideliking verskuldig – Afdeling Studentesake sê hy is skuldig, en as verkose verteenwoordiger moet hy hom ondubbelsinnig van die omstredenheid distansieer om geloofwaardigheid te probeer behou. Jan Erasmus, aan die ander kant, sit op Tygerberg as *plaaslike* SR-lid vir Studentebelange. Net 'n fenomenale poging om ook studente op Stellenbosch te verteenwoordig, kan Jan red. Maar ook vir hom is dit nog nie te laat nie.

Die bedanking van Rudi Buys is 'n verlies vir sowel die SR as die 2 210 studente wat hom met hul kruisies ondersteun het. Dit is veral teleurstellend omdat hy by minstens een sirkus onderneem het om aan te bly sou hy nie tot voorsitter verkies word nie.

### Nuwe redaksie

'n Nuwe redaksie is by *Die Matie* aan die stuur, en die termyn wat kom bied ook hier uitdagings. Ons wil inlig en prikkel met nie net nuus oor 'n institusionele evolusie nie, maar ook toenemende vrae vra oor sogenaamde "groter," sosiale kwessies. Artikels soos dié oor die NG Kerk se verslag oor homoseksualiteit moet in dié lig beskou word, en reaksie hierop word ook altyd verwelkom. Ons primêre plig is egter om as universiteitskoerant dié instelling verantwoordbaar te hou teenoor sy studente; die nakoming van dié plig sal met verantwoordelike ywer voortgesit word.




**MFM TUGSAAK AFGEHANDEL** Sal Wouter Lombard 'n waardige ambassadeur vir die US wees?

**hoofredaksie**

**HOOFREDAKTEUR** Waldimar Pelser (waldimar@diematie.sun.ac.za) **ASSISTENT-HOOFREDAKTEURS** Danie Smit (danie@diematie.sun.ac.za) • Jacolette Kloppers (jk@diematie.sun.ac.za)

**NUUS** Deon Wiggett (deon@diematie.sun.ac.za) **AKTUEEL** Martina Smit (martina@diematie.sun.ac.za) **INTERKAMPUS** Pierre du Bois (pierre@diematie.sun.ac.za) **STUDENTELEWE** Mandy Rossouw (mandy@diematie.sun.ac.za) **DAG EN NAG** Melanie Daly (melanie@diematie.sun.ac.za) **SPORT** Heather D'Alton (heather@diematie.sun.ac.za)

**ADVERTENSIEBESTUURDER** Roy Havemann (roy@havemann.com) **FOTOGRAAF** Werner Barnard (wbarnard@ing.sun.ac.za) **REKENAARBESTUURDER** Carl Scheffler (carl@diematie.sun.ac.za) **TAALVERSORGERS** Hugo Loubser en Schalk Engelbrecht **SPOTPRENT** Carl Kirstein

**TEL** (021) 808-3539 **FAKS** (021) 808-3538 **E-POS** diematie@renet.sun.ac.za

**POSADRES** Langenhoven Studentesentrum, Privaatsak X1, Universiteit van Stellenbosch, Matieland 7602

**VOLGENDE UITGAWE** 29 September **SPERDATUM** 22 September

**ADVERTENSIES** 0881261572 **INTEKENARE** 0881302066


## BRIEWE LETTERS

**Enigiemand kan 'n brief aan *Die Matie* skryf. Ons behou egter die reg voor om briewe te verkort. *Die Matie* mag nie naamlose briewe publiseer nie. Die name van skrywers onder skuilname sal absoluut vertroulik hanteer word. Almal is welkom om briewe self te kom aflewer by ons kantoor bo in die Neelsie of per e-pos te stuur na briewe@diematie.sun.ac.za of letters@diematie.sun.ac.za.**

### *Centre for Student Counselling responds*

WE ARE responding to the letter by R Alexander, J Ellis, A Gagiano, S Nuttall and E van Pletzen under the heading "Myths legitimise gender-skewed society" in *Die Matie* of 18 August 1999.

We are grateful to the authors for drawing attention to important issues involving gender. We agree that misconceptions relating to gender should be pointed out and corrected. The wording of the paragraph referred to ("seem to be", "recruiters agree") made it quite clear, though, that employers' views were being quoted; not the views of the Centre for Student Counselling.



Seven employment officers of large companies who are involved in the employment of students indicated, when directly asked on 24 August, that they agree with the substance of the paragraph. The Centre for Student Counselling, and the Careers Office in particular, have been entrusted with the task of passing information on to students about what they may expect to experience in the process of seeking and finding a job. It remains students' own choice, however, how they respond to the realities of the world of work and where and how they address important issues involving matters such as gender.

**Executive Committee, Centre for Student Counselling**

### Die Matie *moet fokus op positiewe*

HIERMEE wil ek net my teleurstelling uitspreek oor *Die Matie* se beriggewing oor die Goldfields-sirkus. My teleurstelling spruit uit die feit dat *Die Matie* letterlik dubbel seker gemaak het dat slegs 'n "omstrede" gedeelte van my toespraak in *Die Matie* verskyn het. Dit gee dus nie my volle bedoeling weer nie, maar laat dit eerder aan die leser oor om te interpreteer soos hy goed dink. Hoewel my woorde tóg gerealiseer het, voel ek steeds die hele storie is uit verband geruk. Dan wil ek die lesers verder daarvan bewus maak dat Godwin Bossr een van my sekondante was.

In die vervolg hoop ek *Die Matie* sal streef na objektiwiteit en omsigtigheid, veral gedurende sulke sensitiewe tye, waar hulle weet hul beriggewing kan die kandidaat maak of breek. Dan dink ek net vinnig terug aan verlede jaar toe een van die kandidate net so benadeel was met die Ontbos-storie. Fokus eerder op die positiewe aspekte van die kandidate se toesprake. Hiermee sê ek geensins *Die Matie* moet die waarheid weerhou van die studente nie, maar al die kandidate is onder druk, en hul ware bedoeling word nie altyd in hul woorde weerspreek (*sic* – red.) nie.

Bied aan elkeen 'n regverdige kans – enigeen kan 'n fout maak. Dan is mense geneig om die goeie te vergeet en eerder die een slegte ding te onthou. Al die kontroversiële dinge kan ná die verkiesing verskyn.

Aan die nuwe SR – alle voorspoed. Ek vertrou dat julle die studente goed gaan verteenwoordig en dat elke student vry sal voel om by julle te kom aanklop vir hulp. Per slot van sake: "The people have spoken" en ons het julle ingestem.

*(Brief verkort – red.)*

**Johanie Malgas**

### *Nuwe SR is nie verteenwoordigend*

NA BERIGTE in *Die Matie* oor die suksesse van die vorige SR, is die verwagting geskep dat studente ontslae sou raak van die apatiese houding jeens die SR. Dit was egter nie die geval nie. Nie net was die stempersentasie laer as verlede jaar nie, maar die samestelling van die nuwe SR laat veel te wense. Miskien was dit 'n geval van "as dinge werk, hoekom daaraan peuter". Die behoud van die *status quo* op Stellenbosch is immers tog waarvoor meeste van die lede van die nuwe SR gestaan het.

Vergeet van *policy-issues* en dinge soos transformasie ('n begrip wat 'n skelwoordstatus op Stellenbosch het en hanteer word soos iets uit die vreemde – want skielik, onder al hierdie hoop *intellectuals* en *wannabe intellectuals* weet niemand wat dit behels nie). Dit is dus nie juis vreemd dat 'n hele spul van die kandidate wat nie eens duidelike beleidstandpunte kon inneem en 'n totale gebrek aan toekomsvisie getoon het, op die SR "verskyn" nie.

Stellenbosch sal maar net nie aan daardie beeld van verkramptheid (wat telkemale toegesmeer word met beroepe op die behoud van 'n Afrikanerkultuur) kan ontsnap nie. As die SR-verkiesing van enigiets 'n aanduiding is, dan is dit van 'n studentegemeenskap wat nie eens 'n poging wil aanwend om aan daardie beeld te ontsnap nie.

Skielik sal daar natuurlik 'n hele hoop agter die bos uitspring en skree: "Ons is nie almal so nie" of "Ek het nie eens gestem nie". Wel, as jy dink dat dit jou verskoon om nie as "verkramp" ge-*label* te word nie, is jy verkeerd. Jou nie-stem was juis 'n aanduiding van jou aanvaarding van die *status quo* op kampus.

Die Suid-Afrikaanse realiteite is stadig maar seker besig om *inrows* te maak op Stellenbosch, en 'n hele hoop jongmense gaan wreed ontnugter word. Om naïef te wees, kan verskoon word, maar om *ignorant* te wees in hierdie uur is *plain damn* hardkoppigheid en 'n rede vir jou sitvlak om geskop te word.

Op die oomblik is Stellenbosch se SRC net wat die naam sê – een groot ou blerrie Studenteraad *Circus*, met Peggy le Roux as die *main clown*.

**Ricky & Randy**

### *SR-lid met meeste stemme moet voorsitter word*

EK WIL net graag melding maak van die SR-voorsittersverkiesing. Ek voel dat die huidige stelsel waardeur die voorsitter deur die verkose lede self gekies word, nie demokraties is nie.

Hoekom tel die SR-lede se stemme dan meer as die gewone student s'n? Hulle is tog immers self gewone studente!

Vanjaar het Rudi Buys tog 'n duidelike meerderheid stemme behaal – dit wys dat die meerderheid studente hom as voorsitter wou gehad het! Daar moet verseker weer na die huidige stelsel gekyk word, sodat die voorsitter-kandidaat wat die meeste stemme in die verkiesing kry, aangewys word as die nuwe SR-voorsitter.

Verstaan my reg – hierdie brief is nie teen Peggy le Roux as persoon gemik nie. Ek wens haar immers alle sterkte toe met haar termyn as SR-voorsitter.

**Ferdi Dick**

### *Koor nie te blameer vir sêr-kontroversie*

EK IS 'n lid van die Pieke Sêrgroep en van die universiteitskoor, en ek is baie ongelukkig met die verkeerde indruk wat geskep word met "Gala-aand van sêrkompetisie in omstredenheid gedompel" (*Die Matie*, 18 Augustus). Weereens het die joernalis (of redakteur) die pot heeltemal mis gesit.

Die koor word natuurlik weer vir die hele kwessie van die botsing met die gala-aand geblameer. Sover dit ons as sêr- en koorlede betref, is die datum van die universiteitsoptrede in Worcester, 17 Augustus, al verlede semester aan ons deurgegee, baie vroeër as wat die datum van die gala-aand aan ons bekendgemaak is. Dit was 'n optrede vir die Vroue Landbou-Unie, en toe daar aan die VLU gesê is die universiteitskoor kan wel optree, is die datum dus vasgestel.

Nou moet julle besef dat as jy lid word van die universiteitskoor, jy 'n belofte maak om elke

# Wil jy ry of wil jy bly?

"AFRIKANERS is plesierig/dit kan julle glo/ hulle hou van lekker lewe/en dan maak hulle so:/ Eers hardloop die ou vroutjie en dan hardloop haar ou man/hulle vat hulle kindertjies en dan hardloop hulle saam."

En daar sit ons knus in Nieu-Seeland of trek tande iewers in Londen. Ander opsies is natuurlik Kanada of Amerika – maar Amerika is vreeslik moeilik, want jy moet die noodlot vertrou om 'n *Green Card* in die lotery te wen. Frankryk of Duitsland is nie sulke gewilde opsies nie: die taalverskil maak dit moeilik om moeiteloos van omgewing te verwissel.

### Engelse omgewing

Natuurlik het ons almal Engels van kindsbeen af aangeleer in ons Suid-Afrikaanse skole (ja, natuurlik is dit met Suid-Afrikaanse geld in stand gehou, maar wat het dit met die saak te doen?). Daarom kan ons gemaklik by 'n Engelse omgewing aanpas. (Ons het almal baie ondervinding daarvan en selfs in Suid-Afrika het ons sommer reeds Engels gepraat met enigeen wat iets aan ons bedien.)

Dít is maar net een van die aanbevelings wat ons kan noem om vinnig-vinnig 'n aantreklike betrekkinkie waarvoor 'n mens in dollar of pond vergoed word, los te slaan. 'n Ander een is natuurlik die uitstekende opleiding wat ons aan Suid-Afrikaanse universiteite gehad het.

Ons het net die beste toerusting tot ons beskikking gehad om te leer hoe om hart-operasies te doen of satelliete te bou. Wat uitstekend is, want nou kan ons dit teen hoë betaling in 'n hoogs aangename Eerstewêreldse atmosfeer gaan doen.

### Oorbevolkte trauma-eenhede

Ons het ook vele ander kollegas daar wat ons kan ondersteun – verby is die dae wat ons in oorbevolkte trauma-eenhede hoef te werk of lae-koste huisvesting moet bou met ons uitmuntende opleiding! Hoe moes ons nie ons vaardighede verkwis toe ons nog in Suid-Afrika gebly het nie...

Solank ons net nooit weer hoef te sien hoe mense moet omdraai en by die huis gaan sterf omdat daar nie genoeg dokters beskikbaar is , of in plakkerskampe moet bly weens behuisings-tekorte nie, is alles wel. Ons en ons kern-gesinnetjie kan darem via die Internet in kontak bly met die arme idiote wat in Donker Afrika agtergebly het, om te hoor hoe alles verder agteruitgaan.

Sjoe, dankie tog vir daardie graad waarmee



**PERSPEKTIEWE EN DINGE**
DEUR JOSUA

ons die ekstra punte in die emigrasie-speletjie kon verdien het sodat ons nou rustig, veilig en tevrede in middelklas-Nieu-Seeland ons bestaan kan voortsit. (Nee, ons wil liewer nie hoor dié graad het Suid-Afrika R200 000 of 'n miljoen rand gekos nie – netnou gee dit ons skuld-gevoelens. En dít wil ons tog nie hê nie.)

### Oupa en ouma op Put-sonder-gat

Die arme drommels wat daar agterbly, het *obviously* óf nog nie agtergekom 'n mens moet padgee as dit nie meer so lekker gaan nie, óf hulle is te dom of te arm om die speletjie saam te kan speel. Hartseer, né. En oupa en ouma sal seker maar daar in die ouetehuis op Put-sonder-gat doodgaan – hulle is tog te oud en sentimenteel om hulle wortels nou op te trek. As die vliegtuie dan nog Johannesburg toe vlieg, sal ons maar afvlieg vir die begrafnis.

Siestog, dis seker die minste wat 'n mens kan doen: hulle stuur so getrou elke maand vir ons biltong en Mrs Balls se *chutney*. Aan die ander kant, ons hoor hier is nou so baie Suid-Afrikaners hier hulle gaan 'n winkel vir ons oopmaak. Dan kan ons daardie naelstring darem ook knip.

### Geen geleenthede in Suid-Afrika

Nee, moenie my so beskuldigend aankyk asof ék die een is wat iets verkeerd gedoen het nie. Daar was net nie vir my geléénthede in Suid-Afrika nie. Ek moet my vaardighede kan gebruik. En 'n mens het darem sekere lewenstandaarde ook wat gehandhaaf moet word.

Jy weet, ek was altyd 'n groot patriot, maar dinge daar het net te erg geraak. Hier kan 'n mens snags met oop deure slaap en jou kinders kan skool toe stap. As 'n fiets gesteel word, is dit hoofnuus.Ek bedoel, wie wil nou enige uitdagings in die lewe hê?

### Sinies en bitter

Nou was Josua seker al sinies en bitter genoeg vir een dag. Tog bly daar nog 'n kwessietjie oor wat my diep grief. Ek wonder of studente besef hoeveel geld hulle mors wanneer hulle nie klas bywoon nie. So asof ons dink óns doen die dosent 'n guns deur klas by te woon! Kom ons doen gou 'n eenvoudige som:

Gestel 'n jaarvak kos R3600 en jy het twaalf periodes per week in daardie vak. 'n Akademiese jaar bestaan uit 28 weke – dít bring ons by 336 periodes in 'n jaar. So een periode kos jou of pappie R10,71. 'n Dubbelperiode is dus duurder as 'n fliek, veral as jy lid van die Movie Club is! Nou reken ons dit nie eers in dat 66% van die werklike koste van jou studies deur die belastingbetaler gedra word nie. Dit bring die koste van 'n dubbelperiode op 'n verstommende R60 te staan!

So dink maar weer oor daardie reënerige Maandagoggend...

## Kampus Quotes

"Voor ek weggaan op Stellenbosch is daar nog net een ding wat ek wil regkry. Ek wil dit tot in Kampusquotes maak."
- Ronel Bester

"Why do you need Orania when you have Stellenbosch?"
- Foreign visitor on the "Rooiplein"

"Cigarette smoking is an attempt at salvation."
- Heard on campus

"Dit kon erger gewees het."
- Gehoor nadat nuwe SR aangekondig is.

"..., Ania Roldireff-Strzeminska,..."
- Ook *Die Burger* kon haar van nie regkry in hul berig oor die nuwe SR nie.

"Die enigste slegte eienskap wat ek, volgens ander, het, is dat ek te eerlik en *straightforward* is om die politieke spel te speel. Dis 'n jammerte dat my eerlikheid my nie te ver sal bring nie..."
- Johanie Malgas in 'n brief aan *Die Matie*

"As die son daar buite skyn, ontwikkel 'n mens probleme met probleme."
- Filosofie-dosent verduidelik sy klas se onwilligheid om vrae te beantwoord.

"Voor 'n wetsontwerp aanvaar kan word, moet verskeie prosesse soos konsultasie en bespreking deur die komitees eers plaasvind. 'n Mens kan dit seker *foreplay* noem."
- Publiekreg-dosent

"Dit lyk my ek kry so baie publisiteit hier, ek gaan sommer vir HK staan."
- Manstudent in vrouekoshuis toe sy naam oor die interkom aangekondig word.

elke oefening en veral optredes stiptelik by te woon. Dit is ook reg dat dit so is, omdat die US-koor die universiteit verteenwoordig. Me Sonja van der Walt is ook ten volle bewus hiervan, en na die onlangse druk wat op haar geplaas is betreffende die beeld van die US-koor, is dit veral onregverdig om haar te blameer vir die botsing.

Vyftien van die 50 lede van die koor was by die gala-aand betrokke. Alhoewel die gala-aandoptrede wel vervroeg is, was daar nog steeds lede wat nie die optrede in Worcester kon haal nie. Ons het byvoorbeeld net twee eerste tenore gehad, en ons moes drie items uit ons program weglaat as gevolg van die afwesighede, wat al klaar onverskoonbaar is. Ook moes plaasvervangersoliste inderhaas gevind word.

Ek verstaan dat die verandering van die tyd 'n groot probleem vir sommiges was, maar ek dink nie daar was 'n ander uitweg nie. Daar moet in die eerste plek 'n persoon wees wat sulke botsings oplet voordat datums finaal vasgestel is. Pieke het vroeg verlede week gaan kla oor die botsing. Dit alleen verg al klaar 'n mate van arrogansie om te gaan kla oor die gala-aand nog voor die finaliste aangekondig is. Wees dankbaar die botsing het voor Vrydag bekend geword.

Ek is baie lief vir die koor, asook die sêr. Ek sal graag wil hê dat altwee moet voortbestaan. Hou asseblief op om die koor vir alles te blameer of om verkeerde indrukke te skep met berigte.

**Francois Botha**

## Sendingweek-insident laat slegte smaak

MISKIEN skryf ek hierdie in die hitte van die oomblik, maar as ek dit nie nóú doen nie, sal ek soos die ander dink dit is sommer net nog 'n ou insedentjie.

Dit is 19:17 Sondagaand 22 Augustus 1999. Ek moes nou in die Studentekerk gesit het. Ek moes nou al my ou kollektetjie in die bordjie gegooi het en geluister het hoe die ander se kleingeld ritsel in die beursies. Ek moes nou gesit en luister het na die gasspreker by vanjaar se Sendingweek.

Nee, hier sit ek voor die rekenaar besig om my lot te bekla. Moenie my verkeerd verstaan nie. Ek was tot so 19:00 in die kerk, maar toe gebeur iets wat my so kwaad gemaak en teleurgestel het dat ek net moes opstaan en uitstap. Glo my, vir 'n stoere NG-konserwatis was dit 'n groot stap.

Tydens die *Praise en Worship* het 'n man voor in die kerk "gedans". Nou, dit kon miskien weens dronkenskap gewees het (dronk van die Gees?), of net van pure blydskap oor God. Wel, terwyl ons ander menigte in ons kisklere met vroom gesiggies gesing het *Come as you are before God*, is die dansende man verwyder. Dit is gedoen (na 'n gebed deur een van dié wat musiek gemaak het tot God, om tog asseblief hierdie steurnis te verwyder) deur twee mans wat die dansende man aan die arms en voete gevat en by die agterste deur uitgevat het. Toe vat ek my baadjie en loop. *Come as you are before God*, behalwe dié wat dans in die NG kerk se gange.

Nou hoekom skryf ek die brief? Wel, hier is 'n gedagte: DIS SENDINGWEEK – en die hele Bos is mal met die liefde van Christus. Ek wonder hoeveel juffies en ouens staan nie nou op in die kerk om hulle lewe, of 'n gedeelte van hul lewe, of hul gebede, of hulle karige geldjies, aan God te wy nie. Dit terwyl ek hierdie woorde tik. Ek hoop eintlik dat ek 'n swaap van myself maak deurdat daar iets wonderliks gebeur het in die kerk nadat ek daar weg is en die situasie reggestel is. Ek twyfel. Dit was vir my te veel om iemand uit God se huis te sien verwyder word omdat hy nie aan ons standaarde, norme of ritueeltjies voldoen nie – en dit op die hoogtepunt van 'n week wat handel oor die uitreik na ander. Hulle wat in die meeste gevalle "anders" is, hetsy 'n ander kultuur, ander taal of ander velkleur.

Ek wil darem net vir die Sendingweek-komitee dankie sê vir hulle moeite. Ek het baie geleer. Dit is nie hulle skuld, of die skuld van die orkes, of die skuld van die dominee wat die opdrag gegee het vir die "verwydering" van die dansende man nie (ek het alles gesien).

Nee, ek plaas die skuld op die res van die gemeente van ons "verligte studentekerk" en ook op my dat hulle en ek te *chicken* was om saam met die man te dans voor God.Wanneer gaan ons tog besef dit gaan om God se liefde! Maar moenie *worry* nie – ek is seker daarvan dat teen volgende jaar sal daardie man en sy vriende in die kerk wees en nog 'n vastrap uitvoer.Hoe dan anders? Ons is Christene - "as julle dit aan een van die geringstes doen, doen julle dit aan My"!

**Theo-Chris Groenewald**

## Carnival autonomous

US CARNIVAL would like to rectify some "facts" published in the previous *Die Matie* regarding the supposed involvement of the SRC sub-committees with US Carnival. We would like to state that Carnival has a good working relationship with the SRC, but that we are in fact an autonomous organisation. We only fall under the wing of *Studentesake;* under no other structure of the university.

Thus, we would sincerely appreciate it if *Die Matie* can publish our reaction to the article "Does Stellenbosch need an SRC?", which portrayed misguided and non-researched information. Never has the SRC been involved in "putting up posters for Carnival to exercising crowd control at Beer Fests", since the Carnival Committee is solely responsible for such functions. These are Carnival events and has absolutely nothing to do with any action or decisions from the SRC's side.

**Jaco Brink and Alet Slazus**

*Die* **Matie**
18 August 1999

### *Errata*

WE APOLOGISE for the following errors in the article "Churches take stand on current issues" on page 8 of the previous edition of Die Matie.

Gay-rights (par 2) should read: "Yet, at the same time the Church calls on her members for the acceptance of homosexual persons..." and not "activity" as printed.

Gay-rights (par 4) should read: "Yet, whilst the whole of Holy Scripture does not have the last word about homosexuality..." and not "sexuality" as printed.


Euthanasia par 3 should read: "...the Catholic Church unequivocally states that intentional euthanasia..." and not "international".

Female priests par 3: "...highlighted the definitive nature of the restriction of priestly ordination to males..." The preposition "in" should be omitted.

### KLAGTEPROSEDURE

Indien enige leser 'n klagte het dat *Die Matie* nie op ewewigtige, eerlike en objektiewe wyse rapporteer nie, of meen dat die menings uitgespreek in *Die Matie* nie onderwerpe oor godsdienstige en kulturele sake met omsigtigheid hanteer nie, kan 'n klag gelê word by die Studenteraadslid vir Media.

*Die Matie* is onderhewig aan 'n gedragskode wat beskikbaar is by die Studenteraadslid vir Media. Alle klagtes word deur 'n regsdosent ondersoek, waarna *Die Matie* voor die Mediaraad kan verskyn.









# Feasts of amateur theatre


PHOTO: WERNER BARNARD

THE ANNUAL *Toneelfees* has gained the reputation of being the best place to see amateur theatre in Stellenbosch, and this year was no different.

The event is held in the Klein Libertas Theatre, an intimate 100-seater that is perfect for amateur theatre. This year's *Fees* was also the biggest ever, with a total of fourteen entries. An additional feature of this competition was the diversity of plays on offer, of which many were specially written for the *Fees*.

Last week Monday was opening night, and the honour fell upon Monica to begin. Their play, *the DIY Frankenstein Outfit*, was a meaningful look at what is reality and what not.

Monica made way for Minerva-Majuba. They tackled an Afrikaans-Nederlands setwork, *Mirakel*, written by Reza de Wet. The actors managed to do the difficult work justice, although one felt that perhaps the piece was a bit beyond the scope of an amateur competition such as *Toneelfees*.

Nerina-Wilgenhof then finished the evening off with a bang, doing *Passion, poison and petrifaction* by George Bernard Shaw.

Tuesday saw a further three plays. Heemstede's *A fish's bride* was a beautiful Tanzanian fairy tale which earnes a place in the finals. Lydia-Huis Marais chose a translated Spanish piece which takes a satirical look at war, while Harmonie-Huis Visser did the hilarious *Millennium-Man*, specially written for *Toneelfees* by Huis Visser's Jaco Goosen. Harmonie-Huis Visser also earned themselves a place in the finals for their entry.

Wednesday began with Eendrag-Nemesia's *Die moffie se sak* followed by Dagbreek's *Aleen*. This play was written, directed and acted in by John Vorster. It is a whimsical portrayal of the story of Jopie Vermeulen, a window-washer who discovers that although he has a somewhat unusual perspective on things, this does not necessarily mean that there is something wrong with him. *Aleen* also earned a place in the finals. The next play *Millenniumpartytjie*, entered by Dagbreek-Irene, is the fourth finalist. Written by Danie Smit, who won last year's Best New Play award, it gave an insight into the possible workings of Hell. Irene's entry, *Dis nie my bybie nie*, was a gripping portrayal of the effect of prison life on the personalities of three women. Although well acted and carefully directed, it unfortunately did not get a place in the finals.

Thursday night was Helshoogte night, and they finished the *Fees* off in style – with two impromptu plays. They were asked to show their impromptu skills again at the finals.

According to Roy Havemann, the organiser of the event, the adjudicators felt that this year the standard of the entries was the highest ever, particularly the newly-written plays. This was highlighted by the fact that out of the four finalists, three were plays written by the students themselves.


PHOTO: WERNER BARNARD

**PRIZE WINNERS 1999**

**BEST PLAY**
"Aleen" – Dagbreek
**BEST ORIGINAL PLAY**
"Aleen" – John Vorster
**BEST DIRECTOR**
Danie Smit, M Villet – "Millenniumpartytjie"
**BEST ACTOR**
John Vorster - "Aleen"
**BEST ACTRESS**
Robyn Bowen – "DIY Frankenstein Outfit"
**BEST SUPPORTING ACTOR**
Johnnie Eigelaar – "Mirakel"
**BEST SUPPORTING ACTRESS**
Tinarie van Wyk – "Mirakel"
**TAKE A BREAK KIT-KAT AWARD**
Helshoogte

# Witch trials in the HB Thom



THE LATEST production by the Stellenbosch Drama Department is Arthur Miller's masterpiece *The Crucible*, which has been described as a romance-tinged modern tragedy. It uses the backdrop of the 17th century Salem witch trials to launch a scathing attack on political fanaticism. When the play was written in 1953, it was intended to expose the McCarthy anti-communism trials; yet it remains politically relevant to this day. It was recently given the Hollywood big screen treatment with Wynona Ryder and Daniel Day Lewis in the starring roles.

The Stellenbosch production is directed by the acclaimed actor Blaise Koch who has also had success as a director. He was responsible for helming last year's highly succesful Afrikaans adaptation of Noel Coward's *Blithe Spirit*.

*The Crucible*, a cornerstone of modern drama, will be performed at the HB Thom Theatre from 1 to 4 and 7 to 11 September 1999 with performances commencing at 20:15. Tickets are available from Computicket.

# Def Leppard by numbers


**CD**
Euphoria
**ARTIST**
Def Leppard
**RATING**
***1/2

NILS VAN DER LINDEN

SURPRISINGLY, "Euphoria" is not some new Ecstacy derivative. Instead it is the title of the new Def Leppard album, which emulates the hard rock of their seminal recordings *Pyromania* and *Hysteria*, yet also draws strongly from *Adrenalize* and even *Slang*. Following the latter's raw, experimental sound and pseudo-profound lyrics, *Euphoria* is an unabashed return to the bombastic, over the top approach utilised by the band during the 1980's. This means that the distinctive guitar sound, multi-layered vocals, crystal clear production and inane lyrics are back. The perms, denim jackets and Union Jack tights have thankfully not made an encore appearance. The new album kicks off with the stomping "Demolition Man", revealing a band which has lost surprisingly little energy. Contributing to the song's sonic onslaught is Formula One racing driver Damon Hill who nearly delivers a lost and drowned-out end guitar solo. A more fruitful (and long overdue) contribution is made by erstwhile cohort 'Mutt' Lange, who has co-written three songs including the catchy "Promises". "All Night" also carries the Lange stamp with its "Pour Some Sugar On Me" tendencies and sleazy, sex-drenched lyrics, but fortunately not all the words sound as though they were written by testosterone-crazed pubescent boys. The anthemic "Paper Sun" follows the blueprint of "White Lightning" and "Gods of War" both musically and lyrically, with the band now condemning urban terrorism. This epic song is undoubtedly the best on the album with its haunting intro, blistering guitar solos, mind-imprinting chorus and thoughtful lyrics. "Kings of Oblivion" also rises above the themes of love and heartache, although its lyrics, "welcome to my evolution", seem rather dubious.



Despite drawing too strongly on their past and falling short of *Hysteria*'s undeniable brilliance, *Euphoria* is nevertheless a strong rock album.

get your passport
STER-KINEKOR
MILLENNIUM MOVIE BONANZA
MOVIES FOR ONLY R15
any day • all shows • latest releases!
TUESDAYS ONLY R10
1 September- 31 October
Eikestad Mall only
WIN AN ENERGADE SPORTS ENSEMBLE WORTH R7 000!


Prize includes a designer track suit, sports bag padded windbreaker, activity pack, sports bottle carrier, ten cases of Energade and a rugby ball autographed by WP rugby team
Energade SPORTS DRINK



**SERRURIA KIES SKOONHEDE** Op 18 Augustus is mnr en mej Serruria tydens 'n glansgeleentheid gekroon. Hier is (van agter) Julia Andrag (eerste prinses), Natasha van der Merwe (tweede prinses) en Quentin Gobregts (derde). Voor is Riaan van Rooyen (tweede), Pedri Lotz (mnr Serruria) en Freda-Mari Krantz (mej Serruria). Die tema van die aand was "'n Musiekmosaïek".

# Irene se sewe dae van sang, skoonheid en plesier

IRENE-WEEK het vanaf Sondag 8 Augustus tot Saterdag 14 Augustus plaasgevind. Hoogtepunte was die kultuuraand, reünie, mnr en mej Irene asook die tradisionele huisdans.

Die kultuuraand is in die stylvolle en kersbeligte Irene-ontspanningsaal gehou, waar die regte beligting gebruik is om die gepaste kultuur-*ambience* te skep. 'n Kaggel het gesorg vir 'n warm atmosfeer, en lelies het die toneel perfek afgerond.

Verskillende sêrgroepe het opgetree in 'n eksklusiewe pre-sêrkompetisie *show*, spesiaal vir die Irene-inwoners. Simonsberg, Huis Visser en Helshoogte het die geleentheid gebruik om Ireners se harte warm te sing. Items is ook gelewer deur dansers en sangsoliste, terwyl kitaar en mondfluitjie ook hul beurt gekry het.

'n Kabaret is op die been gebring en die Irene sêrgroep het die aand afgesluit met hul interpretasies van sekere liefdesliedjies.

Fliekvlooie het *Entrapment* gaan kyk, terwyl die meer aktiewe koshuislede die hokkie en landloop ondersteun het.

Later het almal weer herenig in hul liefde vir musiek, dans en kuier, en het hulle, met die borgskap van sjampanje deur Seven-tease, die aand by dié gewilde nagklub afgesluit.

By mnr en mej Irene het die koshuis weereens haar naam as Huis van Styl gestand gedoen. *Die African Experience* tema is uitstekend uitgebeeld deur die gepaste leeuvel-en-okkerneutboom dekor asook die dansers en verhooghelpers wat volgens hierdie tema aangetrek het.

Die choreografie is deur Elmarie van Zyl, 'n deskundige van Port Elizabeth, gedoen. Sy het ook die dansers en finaliste se voorbereiding behartig. Die geleentheid is afgesluit met die aanwys van mej Irene, Christine Bosman, en mnr Irene, Eddie van den Heever. Die beoordelaars was onder andere Heidi October en Cornel Oberholzer, Sjampanjenooi 1999.

'n Kareoke-kompetisie is uitgespook tussen die verskillende seksies in die koshuis, maar die primarius, Jo-Marie van der Merwe, het met haar seksie se interpretasie van *Barbie Girl* met die louere weggestap.

Vir 'n Vrydagmiddaglafenissie het Irene en Majuba die Zevenwachtwynplaas besoek en 'n wynproesessie onderneem. Daardie aand is die Halloween-braai bygewoon deur Ireners in bangmaakkostuums wat vir niks skrik nie.

Die week is afgesluit met die Ireners se spogaand, die huisdans.



**IRENERS NEEM AFRIKA KOP TOE** By die mnr en mej Irene skoonheidskompetisie is die dansers uitgedos in hul beste vere om die Afrika-tema ten volle uit te beeld.

## IN 'N AKKERDOP

- **'n WERWINGSPROGRAM** word deur die Loopbanekantoor van die Sentrum vir Studentevoorligting (SSV) georganiseer en duur tot 30 September 1999.

Dit is 'n twee maande lange program waartydens etensuuraanbiedinge en werksonderhoude deur 'n verskeidenheid van maatskappye plaasvind.

Dit word aangebied met die doel om studente voor te berei op en bekend te stel aan die werksituasie en -onderhoude.

Vir verdere navrae omtrent die program, kontak Bonita Abrahams by 808-3568 of e-pos haar by bab@maties.sun.ac.za of besoek die SSV by hulle kantore in Victoriastraat 43.

- **TWEE** lewensvaardigheidswerkswinkels word deur die SSV aangebied tot Donderdag September.

Die eerste werkswinkel handel oor verhoudings en konflikhantering, en die tweede werkswinkel oor selfvertroue.

Dit vind plaas vanaf 13:00 tot 13:55 en is gratis.

- **CANTICUM NOVUM** (voorheen die Stellenbosse Studentekerkkoor) toer vanaf 11 tot 15 September na die Suid-Kaap.

Hulle sal onder meer konserte in Mosselbaai, Hartenbos en Plettenbergbaai aanbied. Vir meer inligting, kontak Karlien Crafford by 887-4351.








# Dag en Nag

ARTS AND ENTERTAINMENT




## Feasts of amateur theatre

THE ANNUAL *Toneelfees* has gained the reputation of being the best place to see amateur theatre in Stellenbosch, and this year was no different.

The event is held in the Klein Libertas Theatre, an intimate 100-seater that is perfect for amateur theatre. This year's *Fees* was also the biggest ever, with a total of fourteen entries. An additional feature of this competition was the diversity of plays on offer, of which many were specially written for the *Fees*.

Last week Monday was opening night, and the honour fell upon Monica to begin. Their play, *the DIY Frankenstein Outfit*, was a meaningful look at what is reality and what not.

Monica made way for Minerva-Majuba. They tackled an Afrikaans-Nederlands setwork, *Mirakel*, written by Reza de Wet. The actors managed to do the difficult work justice, although one felt that perhaps the piece was a bit beyond the scope of an amateur competition such as *Toneelfees*.

Nerina-Wilgenhof then finished the evening off with a bang, doing *Passion, poison and petrifaction* by George Bernard Shaw.

Tuesday saw a further three plays. Heemstede's *A fish's bride* was a beautiful Tanzanian fairy tale which earnes a place in the finals. Lydia-Huis Marais chose a translated Spanish piece which takes a satirical look at war, while Harmonie-Huis Visser did the hilarious *Millennium-Man*, specially written for *Toneelfees* by Huis Visser's Jaco Goosen. Harmonie-Huis Visser also earned themselves a place in the finals for their entry.

Wednesday began with Eendrag-Nemesia's *Die moffie se sak* followed by Dagbreek's *Aleen*. This play was written, directed and acted in by John Vorster. It is a whimsical portrayal of the story of Jopie Vermeulen, a window-washer who discovers that although he has a somewhat unusual perspective on things, this does not necessarily mean that there is something wrong with him. *Aleen* also earned a place in the finals. The next play *Millenniumpartytjie*, entered by Dagbreek-Irene, is the fourth finalist. Written by Danie Smit, who won last year's Best New Play award, it gave an insight into the possible workings of Hell. Irene's entry, *Dis nie my bybie nie*, was a gripping portrayal of the effect of prison life on the personalities of three women. Although well acted and carefully directed, it unfortunately did not get a place in the finals.

Thursday night was Helshoogte night, and they finished the *Fees* off in style – with two impromptu plays. They were asked to show their impromptu skills again at the finals.

According to Roy Havemann, the organiser of the event, the adjudicators felt that this year the standard of the entries was the highest ever, particularly the newly-written plays. This was highlighted by the fact that out of the four finalists, three were plays written by the students themselves.


PHOTO: WERNER BARNARD


PHOTO: WERNER BARNARD

### PRIZE WINNERS 1999

**BEST PLAY**
"Aleen" – Dagbreek
**BEST ORIGINAL PLAY**
"Aleen" – John Vorster
**BEST DIRECTOR**
Danie Smit, M Villet – "Millenniumpartytjie"
**BEST ACTOR**
John Vorster - "Aleen"
**BEST ACTRESS**
Robyn Bowen – "DIY Frankenstein Outfit"
**BEST SUPPORTING ACTOR**
Johnnie Eigelaar – "Mirakel"
**BEST SUPPORTING ACTRESS**
Tinarie van Wyk – "Mirakel"
**TAKE A BREAK KIT-KAT AWARD**
Helshoogte

## Def Leppard by numbers

**CD**
Euphoria
**ARTIST**
Def Leppard
**RATING**
***1/2

**NILS VAN DER LINDEN**

SURPRISINGLY, "Euphoria" is not some new Ecstacy derivative. Instead it is the title of the new Def Leppard album, which emulates the hard rock of their seminal recordings *Pyromania* and *Hysteria*, yet also draws strongly from *Adrenalize* and even *Slang*. Following the latter's raw, experimental sound and pseudo-profound lyrics, *Euphoria* is an unabashed return to the bombastic, over the top approach utilised by the band during the 1980's. This means that the distinctive guitar sound, multi-layered vocals, crystal clear production and inane lyrics are back. The perms, denim jackets and Union Jack tights have thankfully not made an encore appearance. The new album kicks off with the stomping "Demolition Man", revealing a band which has lost surprisingly little energy. Contributing to the song's sonic onslaught is Formula One racing driver Damon Hill who nearly delivers a lost and drowned-out end guitar solo. A more fruitful (and long overdue) contribution is made by erstwhile cohort 'Mutt' Lange, who has co-written three songs including the catchy "Promises". "All Night" also carries the Lange stamp with its "Pour Some Sugar On Me" tendencies and sleazy, sex-drenched lyrics, but fortunately not all the words sound as though they were written by testosterone-crazed pubescent boys. The anthemic "Paper Sun" follows the blueprint of "White Lightning" and "Gods of War" both musically and lyrically, with the band now condemning urban terrorism. This epic song is undoubtedly the best on the album with its haunting intro, blistering guitar solos, mind-imprinting chorus and thoughtful lyrics. "Kings of Oblivion" also rises above the themes of love and heartache, although its lyrics, "welcome to my evolution", seem rather dubious.



Despite drawing too strongly on their past and falling short of *Hysteria*'s undeniable brilliance, *Euphoria* is nevertheless a strong rock album.

## Witch trials in the HB Thom

THE LATEST production by the Stellenbosch Drama Department is Arthur Miller's masterpiece *The Crucible*, which has been described as a romance-tinged modern tragedy. It uses the backdrop of the 17th century Salem witch trials to launch a scathing attack on political fanaticism. When the play was written in 1953, it was intended to expose the McCarthy anti-communism trials; yet it remains politically relevant to this day. It was recently given the Hollywood big screen treatment with Wynona Ryder and Daniel Day Lewis in the starring roles.

The Stellenbosch production is directed by the acclaimed actor Blaise Koch who has also had success as a director. He was responsible for helming last year's highly succesful Afrikaans adaptation of Noel Coward's *Blithe Spirit*.

*The Crucible*, a cornerstone of modern drama, will be performed at the HB Thom Theatre from 1 to 4 and 7 to 11 September 1999 with performances commencing at 20:15. Tickets are available from Computicket.





# Irene se sewe dae van sang, skoonheid en plesier

IRENE-WEEK het vanaf Sondag 8 Augustus tot Saterdag 14 Augustus plaasgevind. Hoogtepunte was die kultuuraand, reünie, mnr en mej Irene asook die tradisionele huisdans.

Die kultuuraand is in die stylvolle en kersbeligte Irene-ontspanningsaal gehou, waar die regte beligting gebruik is om die gepaste kultuur-*ambience* te skep. 'n Kaggel het gesorg vir 'n warm atmosfeer, en lelies het die toneel perfek afgerond.

Verskillende sêrgroepe het opgetree in 'n eksklusiewe pre-sêr-kompetisie *show*, spesiaal vir die Irene-inwoners. Simonsberg, Huis Visser en Helshoogte het die geleentheid gebruik om Ireners se harte warm te sing. Items is ook gelewer deur dansers en sangsoliste, terwyl kitaar en mondfluitjie ook hul beurt gekry het.

'n Kabaret is op die been gebring en die Irene sêrgroep het die aand afgesluit met hul interpretasies van sekere liefdesliedjies.

Fliekvlooie het *Entrapment* gaan kyk, terwyl die meer aktiewe koshuislede die hokkie en landloop ondersteun het.

Later het almal weer herenig in hul liefde vir musiek, dans en kuier, en het hulle, met die borgskap van sjampanje deur Seven-tease, die aand by dié gewilde nagklub afgesluit.


By mnr en mej Irene het die koshuis weereens haar naam as Huis van Styl gestand gedoen. *Die African Experience* tema is uitstekend uitgebeeld deur die gepaste leeuvel-en-okkerneutboom dekor asook die dansers en verhooghelpers wat volgens hierdie tema aangetrek het.

Die choreografie is deur Elmarie van Zyl, 'n deskundige van Port Elizabeth, gedoen. Sy het ook die dansers en finaliste se voorbereiding behartig. Die geleentheid is afgesluit met die aanwys van mej Irene, Christine Bosman, en mnr Irene, Eddie van den Heever. Die beoordelaars was onder andere Heidi October en Cornel Oberholzer, Sjampanjenooi 1999.

'n Kareoke-kompetisie is uitgespook tussen die verskillende seksies in die koshuis, maar die primarius, Jo-Marie van der Merwe, het met haar seksie se interpretasie van *Barbie Girl* met die louere weggestap.

Vir 'n Vrydagmiddaglafenissie het Irene en Majuba die Zevenwacht-wynplaas besoek en 'n wynproesessie onderneem. Daardie aand is die Halloween-braai bygewoon deur Ireners in bangmaakkostuums wat vir niks skrik nie.

Die week is afgesluit met die Ireners se spogaand, die huisdans.



**SERRURIA KIES SKOONHEDE** Op 18 Augustus is mnr en mej Serruria tydens 'n glansgeleentheid gekroon. Hier is (van agter) Julia Andrag (eerste prinses), Natasha van der Merwe (tweede prinses) en Quentin Gobregts (derde). Voor is Riaan van Rooyen (tweede), Pedri Lotz (mnr Serruria) en Freda-Mari Krantz (mej Serruria). Die tema van die aand was "'n Musiekmosaïek".



**IRENERS NEEM AFRIKA KOP TOE** By die mnr en mej Irene skoonheidskompetisie is die dansers uitgedos in hul beste vere om die Afrika-tema ten volle uit te beeld.

## IN 'N AKKERDOP

• **'n WERWINGSPROGRAM** word deur die Loopbanekantoor van die Sentrum vir Studentevoorligting (SSV) georganiseer en duur tot 30 September 1999.

Dit is 'n twee maande lange program waartydens etensuuraanbiedinge en werksonderhoude deur 'n verskeidenheid van maatskappye plaasvind.

Dit word aangebied met die doel om studente voor te berei op en bekend te stel aan die werksituasie en -onderhoude.

Vir verdere navrae omtrent die program, kontak Bonita Abrahams by 808-3568 of e-pos haar by bab@maties.sun.ac.za of besoek die SSV by hulle kantore in Victoriastraat 43.

• **TWEE** lewensvaardigheidswerkswinkels word deur die SSV aangebied tot Donderdag September.

Die eerste werkswinkel handel oor verhoudings en konflikhantering, en die tweede werkswinkel oor selfvertroue.

Dit vind plaas vanaf 13:00 tot 13:55 en is gratis.

• **CANTICUM NOVUM** (voorheen die Stellenbosse Studentekerkkoor) toer vanaf 11 tot 15 September na die Suid-Kaap.

Hulle sal onder meer konserte in Mosselbaai, Hartenbos en Plettenbergbaai aanbied. Vir meer inligting, kontak Karlien Crafford by 887-4351.



# The newest "cave" in Stellenbosch




FOLLOWING the demise of Garage, the venue of this new club has been completely redecorated so that it now resembles the interior of a cave. To ensure even greater authenticity, a flowing waterfall has even been created in one corner. Brolloks, the resulting club, boasts more than this unique decor, however, and will offer a variety of entertainment forms to its patrons. As can be expected from a youth-oriented club, there is a dance floor which features state of the art sound and lighting, and DJs playing a wide variety of musical genres. In addition to this, the band stage will be used to showcase the best in live performances. If music is not your scene, however, a separate area housing amusement games and blacklight pool tables, should provide an alternative entertainment option.

Also highlighting the venue's commitment to cater for the greatest possible number of people, there have even been proposals to hold for example weekly *sokkie* evenings. Brolloks will also remain open during the holidays, ensuring that it attracts people from outside Stellenbosch.

### Smart card

Another unique feature of Brolloks is the introduction of a card system. The "smart card" will be needed to enter the club and will also replace the use of money at the pool tables, vending machines and the bar. Inside, it will be possible to exchange your cash for points on the card, and discounts will be offered.

Brolloks should provide a welcome alternative to the already bustling nightlife of Stellenbosch.

# Liefde vir Hugh in *Notting Hill*

**FILM**
Notting Hill
**MET**
Julia Roberts, Hugh Grant, Rhys Ifans
**REGIE**
Roger Michell
**STERRE**
***

HENNIE VAN DEVENTER

AS 'N IDEE werk, gebruik dit oor en oor totdat mense verveeld raak. Gelukkig vir Roger Michell is mense nog lank nie verveeld met die *Four Weddings and a Funeral*-resep nie. *Notting Hill* se basiese storielyn is gevaarlik na aan dié van bogenoemde fliek, maar is tog heel genotvol op sy eie.

Hugh Grant stap direk oor van *Four Weddings* na Notting Hill, 'n gewilde Londonse voorstad. Hy is die gewone man op straat, met die gewone probleme en vreugdes van gewone mense. Op 'n dag stap een van die wêreld se beroemdste sterre vroualleen by sy boekwinkel in, en sy lewe verander onherroeplik. Dit lei tot 'n gewone liefdesverhaal wat by tye effe uitgerek raak.

Wat *Notting Hill* red van die romantiese komedie-lokval, is Richard Curtis se draaiboek (hy het ook *Four Weddings* geskryf...verbaas?). Die dialoog is baie skerp en die karakters het almal, wel, karakter. Terwyl 'n mens so lank wag vir die twee verliefdes om uit te *figure* wat hulle wil hê, word 'n mens deur die vriende en familie van Grant se karakter vermaak. Gina McKee is baie koel en kalm as die paraplegiese Bella, in teenstelling met Grant se eksentrieke suster Honey (Emma Chambers) en maltrap woonstelmaat, Spike (Rhys Ifans).

Hugh Grant raak met tye irriterend as sy gesigspiere so saamtrek, maar oor die algemeen is hy verrassend goed en baie snaaks. Julia Roberts het haar rol waarskynlik baie geniet, gesien in die lig van die feit dat haar karakter se naam net so wel Julia Roberts kon gewees het. Sy weet oënskynlik sy is besig om met haarself as wêreldberoemde aktrise te spot, en dit dra by tot haar uitstekende vertolking.

*Notting Hill* se enigste tekortkoming is sy lengte. Die fliek kon veel korter gewees het en dieselfde trefkrag behou het. 'n Mens wonder ook waarom iemand soos Grant saam met so 'n grillerige woonstelmaat sou bly nie. Verder is dit verbasend dat Julia Roberts nonchalant deur die strate van Notting Hill kan loop sonder om deur die massas oorval te word.

Al hierdie dinge is egter bysake en doen nie regtig die fliek enige skade aan nie. Dis 'n lekker *date movie*, en as jy van *Four Weddings* gehou het, sal jy nie teleurgesteld wees nie.



# *Mensa* bepaal jou persoonlikheid

**BOEK**
Mensa – Bepaal Jou Persoonlikheid
**OUTEUR**
Robert Allen
**UITGEWER**
Tafelberg
**STERRE**
***

CARINA DIEDERICKS

HOE STABIEL is jy – nie noodwendig fisies nie, maar eerder emosioneel? (As jy pas 'n aand in Drunken Springbok spandeer het, moet liefs nie die vraag beantwoord nie.)

Stabiliteit het nie net te doen met of jy op jou voete kan bly staan nie, maar ook met hoe styf jou emosionele snare gespan is.

Of jy stabiel is al dan nie, is een van die talle kwessies wat bespreek word in Robert Allen se boek, *Mensa – Bepaal Jou Persoonlikheid.*

Dit is 'n handleiding wat 'n persoon se persoonlikheidskwosiënt vasstel: emosies, swakhede, afwykings en ja, ook goeie eienskappe en vaardighede. Die boek gee 'n breë oorsig oor die metodes wat gebruik word om 'n persoonlikheidsprofiel saam te stel en verduidelik hoe psigometriese toetsing en ander evalueringstoetse werk.

Verder bied die boek 'n aantal toetste en speletjies aan die leser waarin vrae soos "Is jy lojaal?" en "Is jy 'n ekstrovert?" gestel word.

Die toetse verskaf 'n amper sinistere blik op die psigiese self en laat 'n mens opnuut wonder oor ons eie emosionele samestelling.

Hoe akkuraat die "toetse" nou werklik is, is 'n toets opsigself. Die vrae wat in die vraelyste gevra word, klink eerder na iets wat Rina die Teeblaarteef of Dr Matayo, Medicine Man, sal vra.

Die toetse is nietemin prettig en laat jou wonder oor die gesig in die spieël.




# Delta Blue performs the blues live


PHOTO: WERNER BARNARD

FOLLOWING their successful performance at the recent Oppikoppi Infestation music festival, Stellenbosch's leading blues band, Delta Blue, launched their first CD, *Delta Blue Live*, at The Hidden Cellar on the 20th of August. Although Delta Blue mainly does cover versions of blues icons such as Robert Johnson, Muddy Waters and B.B. King, they have also written some originals, unfortunately only one of which, "One more blue", can be found on the album. A unique feature of their debut album is that it was the first ever to be recorded at the Klein Libertas Teater, with Sunset Studio's Jurgen von Wechmar and John Playdon in the producer's seats. The *Live* CD is available locally at Music Mania and Classix on CD.

Delta Blue was originally a two man act named Bleu, with Riaan Nieuwenhuis on keyboards and Gerald Clark on vocals. This lineup was extended with the recruitment of three additional members, Almuir Botha, Schalk van der Merwe and Alida Stadler on guitar, bass and drums respectively.

Upcoming gigs for the quintet include performances at Comfort Zone, unplugged, on 3 September, -Diamonds and Pearls on 11 September, and at The Hidden Cellar on the 17th of next month. The band will also be making an appearance at the Whale Festival in Hermanus.

MiniMAX
CINE · 1 & 2
Langenhoven Student Centre, 13 De Beer Street, Stellenbosch
Booking Times: Mon – Sat from 09:00, Sun from 12:00. Tel: 8872702
Ticket Prices: Main evening show, R15,00 – All other shows R12,00

**3 - 9 September**
**HIDEOUS KINKY**
Starring: Kate Winslett and Said Tagmaoui.
Morroco 1972. It's not about estate, it's about discovery.
**CRITICAL CARE**
Starring: James Spader, Kyra Sedgwick, Margo Martindale, Albert Brooks.
**GO**
Get Wasted, Get Laid, Get Rich, then GO. Life begins at 3am!
**MICROCOSMOS**
An acclaimed documentary about a day in the life of the insect world.
**10 - 16 September**
**TEN THINGS I HATE ABOUT YOU**
Starring: Julia Stiles, Heather Ledger, Joseph Gordon-Levitt.
**ENTRAPMENT**
Starring: Sean Connery and Catherine Zeta-Jones.
**THE OTHER SISTER**
Juliette Lewis and a talented cast in a warm, endearing comedy-drama.
**MICROCOSMOS**
**17 - 23 September**
**MIGHTY JOE YOUNG**
Charlize Theron and a huge gorilla.
**HEEL AGAINST THE HEAD**
Starring Bill Flynn and Paul Slabolepszy .
Wales will never be the same again...
**THE OTHER SISTER**
**24 - 30 September**
**AT FIRST SIGHT**
Starring: Val Kilmer, Mira Sorvino, Nathan Lane
**COOKIES FORTUNE**
Starring: Glenn Close, Liv Tyler and Patricia Neal
**Subject to change without notice**

MiniMAX
Movie Club
Join the club & see movies for
ONLY R6,00
on Tuesdays & Thursdays
Big Screen Magic

# Herdenklesings oor ABO by US

DIE DEPARTEMENT Geskiedenis bied oor die volgende twee maande 'n reeks herdenkingslesings aan oor die Anglo-Boereoorlog.

Die doel van die lesings is om die wetenskaplike navorsingsresultate van navorsers aan die publiek bekend te stel en om só 'n bydrae te lewer tot die herdenkingsprogram in die Wes-Kaap.

Die sprekers en onderwerpe van die lesings is as volg:

25 Aug: Dr Elizabeth van Heyningen – *Women's experiences in the Anglo-Boer War*

1 Sept: Dr Floris van der Merwe – *Sport in die krygsgevangenekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog*

29 Sept: Prof Leopoldt Scholtz – *Die rol van Kaapland in die Britse en Republikeinse strategiese beplanning tydens die Anglo-Boereoorlog.*

6 Okt: Mnr Anton Ehlers – *Die Anglo-Boereoorlog: Stimulus vir die stigting van Afrikaanse plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers, 1900-1998.*

20 Okt: Prof Bill Nasson – *Black experience in the Anglo-Boer War*

27 Okt: Dr Chris Venter – *Stellenbosch tydens die Anglo-Boereoorlog.*

Die lesings vind plaas in die Wilcocksgebou (Ryneveldstraat, regoor die Ou Hoofgebou) in die Noordsaal (Lokaal 102) om 13:10.

Navrae kan gerig word aan me Harmsen by 8082177.



**NERINAS NEEM WAPENS OP** By die onlangse Nerina-week het die Nerina-inwoners *laserquest* gespeel en ook hulself vermaak met 'n kegelbalaand en 'n middernagfees.

# Tersiêre studie by leerders aangespoor

**JONATHAN JANTJIES**

DIE SR-subkomitee vir studente-ontwikkeling het Saterdag 7 Augustus 1999 'n motiveringswerkswinkel vir leerders en voorligters gehou.

Die projek, die inisiatief van een van die komiteelede, Johanie Malgas, het ten doel gehad om leerders te motiveer om die regte ingesteldheid teenoor tersiêre opleiding te hê. Verder beoog die projek ook die verskaffing van hulpbronne aan voorligters om sodoende leerders goed voor te berei.

Tien skole in die Kaapse Skiereiland is geïdentifiseer, sowel as tien studente van die US wat oud-leerders van hierdie skole is.

Hierdie werkswinkel is in samewerking met die Afdeling vir Voorligtingsielkunde en die Sentrum vir Studentevoorligting (SSV) aangebied.

Reeds aan die begin van die werkswinkel is leerders en voorligters deur mnr Aldin Links oor studentwees ingelig. Onderwerpe wat hy bespreek het, was loopbaantendense, persoonlikhede en vakkeuses.

Tydens die bespreking oor die effektiwiteit en probleme by beroepsontwikkeling by skole, het leerders dit duidelik gestel dat die struikelblokke eerstens by die owerhede en onderwysdepartemente aangetref word.

Verskeie insette is gelewer oor redes hoekom skoolvoorligting nie in die rigting beweeg waarvoor dit daar gestel is nie, en leerders self het oplossings daarvoor probeer bied.

Die leerders is op 'n toer deur die verskillende fakulteite geneem en kursusse is met hulle bespreek. Prof Cilliers, Direkteur van die SSV, het leerders toegespreek oor sukses en entoesiasme.



**IN BELANG VAN ONS LEERDERS** Corelia Erasmus, SR-lid vir Studenteontwikkeling by een van hul werkswinkels wat leerders aanmoedig tot verdere studie.

'n Paar leerders het gesê hoe hulle oor die toekoms en hul studieplanne voel.

"Ek voel Medies bied vir my 'n toekoms, en die ontwikkeling van tegnologie maak navorsing in verskeie velde van Medies moontlik." – Hannelie Meyers, Hoërskool Malibu

"Regte of om 'n rekenmeenster te wees, bied aan my die kans om selfs my eie besigheid te begin en verseker my dus van 'n werk." – Josiphine Overs, St. Andrew's Sekondêre Skool

"BSc (Agric) (Wynkunde) is my rigting, en ek is definitief volgende jaar 'n Matie. En oor my toekoms is ek opgewonde." – Ester Mosley, Hoërskool Foreist Heights

Twee van die voorligters het ook hulle kommentaar oor die projek gelewer.


"Baie goeie begin, en ek hoop die leerders wat vandag hier teenwoordig was, sal met mekaar in kontak bly." – Me Maasdorp, Scottsville Sekondêre Skool

"Dit moes lankal begin het, want ons het dit nodig om ons skool en leerders op te bou." – Mnr October, Eersterivier Sekondêre Skool


*Daneel Diamant*

VERVAARDIGERS

*Wil u graag kwaliteitdiamante direk van die slypery aankoop? Maak 'n afspraak met* ***Daneel Diamant Vervaardigers****, die enigste diamantslypers in Stellenbosch.*




- *Hoë kwaliteit teen lae pryse*
- *Direk aan die publiek*
- *Gemmologiese laboratorium sertifikasie*
- *Setwerk binne 24 uur*

***Ou Kollege Gebou***
***Eerste vloer***
***Kerkstraat 35***
***Stellenbosch***

***Tel 887 1108/9***
***Faks 887 1130***
***E-pos: jdaneel@college.co.za***


# Ballroom team takes centre stage at national champs

FORGET about *sokkie* in the Sanlamsaal. Real honest-to-goodness dancing took the floor on 7 August at the Annual South African Universities Latin American and Ballroom Dancing Championship.

This event was sponsored by Metropolitan. This year, UPE was the host.

Stellenbosch University competed for the third time since the start of the competition. The team has built up a very good record in the past, and this year was to be no exception. The US's largest team to date entered.

Even though the numbers of entrants for dancinge lessons dramatically increased, Eddie Goudge (the dancing teacher) made sure that the standard did not drop. The judges clearly agreed with him: Stellenbosch dominated the final rounds at the beginner's and intermediate levels.

Three of the four Stellenbosch couples in the advanced level made a final round. The team has yet to enter the Bronze, Silver and Gold levels.

The team event consists of eight different dances. Each university nominates one couple to dance a specific dance. A specific couple may only dance one of the dances. Thus each university has to nominate eight couples in total.

Couples of any level of expertise may be entered, which meant that the Stellenbosch team had to face up to the very experienced dancers of UCT and Wits. Nevertheless, they were given a run for their money and the Maties walked away with the first prize.

In a sport which many people are not even aware of, the team's achievements stand us good stead.

The team is especially grateful to the efforts of their coach, Eddie Goudge.

If you have any questions, please mail it to Roelof at 12528021@fharga.sun.ac.za.



**SAMBA IN STYLE** Ballroom dancers strutting their stuff at the national championships held at UPE.

# Peggy *unplugged*: Rudi en die res

*Peggy le Roux is pas verkies as SR-voorsitter. Dit volg na vrae oor Rudi Buys se bedanking en die legitimiteit van die nuwe SR.* ***Martina Smit*** *het antwoorde gaan soek.*

**Jy is die vierde agtereenvolgende vroulike SR-voorsitter by die US... Waar is die mans?**

(Lag) Ten minste is daar meer mans op die SR vanjaar, so lyk my hulle kom reg. Nee, daar is niks fout met die mans nie. Ek dink dit gaan eerder oor 'n aanslag en 'n bestuurstyl. Kyk maar na my en Rudi: dit was definitief nie oor Rudi 'n man was nie. Ek dink ek het eerder meer gehad wat teen my tel omdat ek die vierde vrou in 'n ry was. Ek dink dis maar 'n kwessie van watter bestuurstyl en watter persoon se visie meer aanklank vind by daai spesifieke SR of by die situasie op die stadium.

**Jy is gedurende jou veldtog beskuldig daarvan dat jy power dress. Enige kommentaar daarop?**

Wel, ander mense sê altyd ek trek *seventies retro* aan, so ek dink dit gaan maar meer oor persepsie! Ek dra klere waarin ek gemaklik is, maar ja, ek let tog daarop dat ek nie noodwendig met 'n T-hemp by 'n senaatsvergadering aankom nie. Ek dra darem nou en dan *jeans*! Studente is informeel, maar jy kan nie altyd soos 'n student lyk as jy by 'n vergadering opdaag nie. Ek dink dit sê iets oor die *attitude* waarmee jy die vergadering benader.

**Oor die SR-verkiesing: daar is gesê dat daar dalk meer kwantiteit as kwaliteit onder die kandidate is. Hoe legitiem, dink jy, is die nuwe SR?**

Ek dink verseker dit is 'n legitieme SR. Niemand het ooit die bekwaamheid van die aanvanklike mense bevraagteken nie, maar toe dit weer oopgestel word, het daar vrae opgekom. Daar is ook gesê dat dit nou soos 'n tipe *free-for-all* is.

Maar ek dink hoegenaamd nie dis hoe dit gebeur het nie. Die mense wat daar gekom het, is 'n baie diverse groep wat almal 'n bydrae kan lewer op 'n sekere gebied. Baie van die mense is ingelig, alhoewel ek dink die kritiek wat gelewer kan word, is dat daar nie genoeg ervaring is nie. As voorsitter is dit iets waarvan ek bewus is en aan sal werk. Jy kan natuurlik nie vir mense drie jaar se ervaring in een jaar gee nie. Jy kan wel werk aan kennis en ingeligtheid. Daar moet ook 'n nuwe houding gekweek word by die SR van, as jy nie weet nie, vra. Dan het jy baie potensiaal, terwyl as jy nie weet nie, en jy dink jy weet, jy maar min potensiaal vir ontwikkeling het.

> *"Miskien moet daar ook vir die student gevra word: "Wil jy rêrig weet, en as jy wil weet, hoe baie moeite het jy al gedoen om uit te vind?"*
>
> **– PEGGY LE ROUX**

**Rudi het teen jou gestaan vir SR-voorsitter. Toe jy gekies is, het hy bedank. Beskou jy dit as 'n groot verlies aan expertise vir die SR?**

Natuurlik! Dit is 'n groot verlies aan *expertise*! Ek dink Rudi was ook'n bekwame voorsitterskandidaat, maar op die ou end...Dis hoe demokrasie werk, soos hyself ook sê. Ek en Rudi is nie bitter of kwaai uitmekaar uit nie. Inteendeel, ons het wedersydse respek vir mekaar. Ek het begrip vir sy posisie. Ek moes ook daai besluit maak: as ek nie voorsitter word nie, wat dan? Ek dink ons bestuurstyle verskil kardinaal. Ons waardes en ons visie vir die universiteit en die rol wat ons wil speel is nie so uiteenlopend nie. Maar ek dink hy het verkies om nie weer onder iemand te werk as daar 'n botsing in bestuurstyle kan wees nie.

**Wat dink jy van die manier hoe die vorige SR, waarvan jy deel was, die statuut-kwessie hanteer het?**

Ek is baie tevrede daarmee. Ek dink ons het werklik iets sinvols bereik deur wat ons gedoen het. Ons het 'n goeie *compromise* bereik wat almal tevrede gestel het. En die enigste manier hoe ons dit reggekry het, was deur rêrig saam te praat, deur studente te kry om saam met ons te staan, en ja, deur, as 'n laaste uitweg, media toe te gaan.

Ons het baie kritiek daaroor gekry, maar ek ondersteun daai stap, want ons het op die ou end bereik wat ons wou bereik. Ek dink ons kan werklik tevrede wees met die feit dat ons ons *commitment* tot studenteverteenwoordiging so goed uitgeleef het.

**Jy het verwys na die media as 'n laaste uitweg. Wat, dink jy, is die media se rol in struwelinge soos dié tussen bestuur en die SR?**

As 'n mens na die media toe gaan word die beeld van die universiteit geskaad. Dit is baie negatief. Dit was ook die gevoel van studente na afloop van die statuutding. Maar ons het nie ophou onderhandel met bestuur nie. Ons het ook nie eenvoudig teruggesit dat die media 'n *field day* het nie. Ons het aangehou praat, maar die media laat weet dat studente ontevrede is oor die manier waarop dinge hier gedoen is – gedoen word – en ons staan op vir waarin ons glo. Die beeld wat dit uitdra, behoort positief te wees: van studente wat krities is en bereid is om te sê: "Tot hiertoe en nie verder nie!" En ons het dit gedoen, nie deur eise te stel nie, maar deur 'n *compromise* aan te gaan. Ek dink nie ons sou die kans gegun gewees het as die media nie betrokke was daarby nie.



**Die konsepte rondom transformasie, soos die statuut en Institusionele Forum, is baie abstrak. Vir studente hang dit in die lug. Hoe wil jy, as SR-voorsitter, dit aftrek grond toe?**

By my is die vraag: hoeveel is studente geregtig om te weet? As 'n student nie uit sy koshuiskamer kom nie, en hy lees nie *Die Matie* nie, kan hy regtig van die SR verwag om aan sy deur te kom klop en vir hom te sê: "Ons wil gou vanaand 'n halfuur-sessie met jou doen oor die Institusionele Forum"? So dis 'n baie *tricky issue*. Want die kanale wat daar is, bereik nie al die studente nie. Die kanale wat nie werk nie, kan verbeter word, of daar kan meer inligting deur daardie kanale vloei. Maar as 'n student nie wíl weet nie, kan jy hom nie dwing nie.

So ek ontken nie die probleem nie; ek sê net dat daar nie altyd vir die SR gevra moet word: "Hoe gaan jy by my uitkom nie?" Miskien moet daar ook vir die student gevra word: "Wil jy rêrig weet, en as jy wil weet, hoe baie moeite het jy al gedoen om uit te vind?"

Want dit is nie so baie moeite nie.

# Gays nie meer veroordeel?

**JACO VAN DER MERWE**

'N VERSLAG van die NG Kerk doen weg met die veroordeling van homoseksualiteit. Die kerk se houding teenoor homoseksuele mense is nie goedkeurend, afkeurend óf neutraal nie, volgens die verslag. Hulle wil gay lidmate eerder help om *binne* die konteks van hulle seksualiteit verantwoordelik te leef.

Die verslag van die *ad hoc* kommissie van die Kommissie vir Leer- en Aktuele Sake word in Oktober op die sinode-sitting van die Wes-Kaap bespreek. Dit is die eerste tree wat die NG Kerk neem om (onder andere) vooroordele teen homoseksuele mense aan te spreek.

"Die nood kon nie langer ontduik word nie." Dis die woorde van dr Carel Anthonissen, voorsitter van die kommissie. Anthonissen meen dat die verslag gay mense wil help om hulself te aanvaar. "Dit is die eerste keer dat verteenwoordigers van die kerk saam met gay mense op 'n kommissie dien."

Die geskiedenis van die dilemma tussen homoseksuele lidmate en die kerk is grootliks een van interpretasie van die Bybel. Verskillende perspektiewe op tekste soos byvoorbeeld Lev. 18:22 was die kern van vele debatte oor homoseksualiteit binne die kerk. Mense het begin om sonde in "groot" en "klein" kategorieë te verdeel. Homoseksuele drange, seks en gedagtes was dan 'n "groot" sonde. Die teenargument was dat sonde in die oë van God nie groot of klein is nie en dat dade soos slegte taalgebruik of om leuens te vertel ook onder sogenaamde "groot" sondes tel.

Die konteks waarin die skrif staan, was nog nooit so belangrik as met die interpretering van tekste rondom homoseksuele praktyke nie. In sy boek *'n Kas is vir Klere* – met homoseksualiteit as tema – skryf Pieter Cilliers dat "historiese konteks 'n speelbal geword (het)". Wat die gespreksdokument nou doen, is om hierdie hele debat op sy kop te keer deur homoseksualiteit uit die kategorie van "sonde" te haal en aan die gay persoon ondersteuning en begeleiding te verskaf.



FOTO: GAY TIMES, MAY 1999

**VOORHEEN VERBODE LIEFDE** Die NG Kerk het eerste treë na aanvaarding gegee

Volgens Anthonissen was die kommissie van die begin af bewus van hoe uiters sensitief die saak is. Dit volg na die sinode se besluit in 1986 waarin homoseksualiteit as afwykend verklaar is. Die reaksies op die skielike wending wat sake nou geneem het, is uiteenlopend.

> *"Stellenbosch [is] een van die moeiliker plekke...om uit die kas te klim."*
>
> **– LES-BE-GAY VOORSITTER**

"Ek dink nie die sinode gaan eintlik vir of teen stem nie. Ek dink die verslag gaan bespreek word en dan sonder om daaroor 'n besluit te neem, eenvoudig na die gemeentes gestuur word vir bespreking en terugvoering." So sê dr Johan Retief, skrywer van verskeie berigte oor die onderwerp, nadat hy vir kommentaar genader is. "Volgens die verslag is seksualiteit as sodanig nie sonde nie, of dit nou homoseksueel of heteroseksueel is. Albei tipes kan sonde word. Twee mense wat vir mekaar lief is, moet hulle plek binne die kerk kan vind."

Jeanine Cameron, voorsitter van die onlangs gestigte Les-Be-Gay vereniging op kampus, meen dis hoog tyd vir 'n nuwe benadering. "There's nothing abnormal about being gay. I say that on behalf of the society." Die vereniging, wat nog in sy babaskoene staan, poog onder andere om gay mense wat met geloofskwessies worstel, te help. Dit is die eerste amptelike vereniging van sy soort in die geskiedenis van die universiteit.

Cameron het met 'n lid van die vereniging saamgestem dat baie mense in Stellenbosch wanopvattings het oor wat dit is om gay te wees. Hulle het kommer uitgespreek oor gay mense wat geïsoleerd voel op kampus, en meen dat Stellenbosch een van die moeiliker plekke is om "uit die kas te klim". Cameron het ook haar ontevredenheid uitgespreek met sekere kerke wat niks fout vind met homoseksuele oriëntasie nie, maar homoseksuele seks afkeur.

## Stereotipering

Die kwessie van stereotipering van gays lê Heidi October, SR-lid vir Sosius, na aan die hart. Dit het daartoe gelei dat sy die *Stereotype Reduction Seminar* aangebied het. "Daar is definitief plek vir die vereniging, hoewel ek Jeanine verseker het dat die pad vorentoe nie maklik gaan wees nie." October voel dat mense op Stellenbosch-kampus oningelig en daarom bevooroordeeld is teenoor gay mense. Sy is positief oor die kerk se beplande verandering in die hantering van lidmate, en voeg by dat "hulle regte het soos die res van ons".

*Die Matie* het met 'n aantal studente gepraat oor die verslag, en die reaksies was divers. Dit het gewissel van, "homoseksualiteit is sonde en sal altyd sonde bly" tot "dis hoog tyd dat die kerk gays akkommodeer".

Die bepalende faktor in die verandering van benadering tot gay mense binne en buite die kerk is nie volkome afhanklik van 'n dokument nie. Die kommissie kan dit wel in 'n groot mate inisieer. Hulle verslag getuig van 'n stap na groter verdragsaamheid, begrip, medemenslikheid en liefde. Dit berus egter helaas by die individu self.

## KAMPUS MENINGS

**Wat dink jy van gays op kampus? Hoekom?**

*deur* ***Martina Smit*** *en* ***Jaco van der Merwe***
*Foto's:* ***Werner Barnard***

**Marius Snyders:** Ek persoonlik is baie teen dit. Dis teen my beginsels.

**Eloïse Hill:** I have no problem with gays. I've go a lot of gay friends. But I do have a problem with lesbians.

**Martin Linstörm:** I've got no problem with gays. I come from a liberal country, Sweden.

**Liezel en Danel:** Ag *shame*! Nee, ons het geen probleem met gays nie.


**Anonomous:** Are their gays on campus?

**Anonomous:** I don't think there should be any gays on campus (I'm homophobic). If God made men and women, why should there be gays?

**Jeanine Cameron:** I think there should be more gays on campus. I am gay.

**T.L. Barnett:** I'm fine with gays. What they want to do, has nothing to do with me.

**Phil Smith:** I don't have any firm convictions about gays. They don't bother me. I think everyone has the right to their own sexual preferences.



# PART 2 Religious institutions take stand on current issues

*In part 2 of a series of articles on local religious institutions,* ***Ubanesia Adams*** *and* ***Lana Bakkes*** *approached the Baptist Church, His People Christian Church and the Mosque for their views on five pressing issues.*

**IMPORTANT:** The views held by those who have responded, are not necessarily presented as official denominational doctrines.

### HOW SHOULD THE CHURCH TREAT AIDS PATIENTS?

**The Mosque**

Islam is a religion that believes that "prevention is better than cure". As such, a concerted effort should be made to analyse the underlying reasons for the disease in the first place. While Aids could be contracted in a variety of ways, not necessarily related to promiscuity, the fact cannot be denied that the most common cause is indeed promiscuity. The promotion of safe sex as a prevention strategy provides, in reality, a false sense of security and could only lead to further promiscuity.

Be that as it may, once a disease reaches epidemic proportions, a united response would be required to combat it. Those who have been affected by it should be treated with the respect and care becoming of a human being. To be judgmental in such a situation would not be in the best interest of the person involved. The services of the very person infected by this dreaded disease should be utilised in the fight against it.


**His People**

The church body needs to treat people with Aids just like they would anyone else – with love and compassion. There are many means of contracting the HIV Virus. None of these means should result in neglecting or shunning the people concerned. People with Aids should in no way be discriminated against, rejected, isolated or condemned.

We as the church, in reflecting Christ's character, need to minister strength, courage and support both to those who face the trauma of living with Aids, as well as to their family and loved ones. The role of the church should be to provide a lifestyle that glorifies Christ and His plan for our lives. It should also include actively reaching out to those affected and infected by the disease, and to prevent future generations from suffering the same fate.

**Baptist Church**

As I understand this, it is a medical problem and needs, first and foremost, to be dealt with medically. The terminally sick person should be dealt with by the church in the same way any other terminally ill person is dealt with – with love and compassion, assuring them that Christ has paid the penalty for their sins (which may have nothing to do with their illness, Aids or anything else), and that, through Him, they can know eternal life. Lepers in the New Testament times were stigmatised, and Jesus showed compassion towards them. The Church should lead the way in terms of showing compassion to all, especially those whom society stigmatises because of the nature of their illness. Also, the Church should continue to warn against immorality, which does play a role in the spread of Aids and other sexually transmitted diseases.



*"The church...needs to treat people with Aids ...with love and compassion."*

**– HIS PEOPLE**

### GAY RIGHTS

**The Mosque**

The answer regarding gay rights is not clear, since it does not define what rights are being sought. If the demand is to freely practice homosexuality or same sex marriages, Islam would join the rest of the mainstream religious community in condemnation thereof.

It believes that the greatest punishment ever to descend on mankind was as a result of homosexuality in the time of the prophet Lot. The scourge of homosexuality is also directly linked to the greatest punishment of the present times, namely Aids. Research with regard to the causes of homosexuality is both inconclusive and contradictory at this stage. One may well ask whether rights should be given to drug-merchants on the grounds that they provide services for children who have been born "addicted" as a result of drug-addict parents.

**His People**

Human rights have been afforded all individuals, equally. The Bible does not, however, grant "special" rights over and above basic human rights. As such, homosexuals are not seeking basic human rights, but "special" rights which are a result of their personal choice. The Bible states in Leviticus 18:22: "Do not lie with a man as one lies with a woman; that is detestable." Romans 1: 26-27 also states that homosexuality is indeed an abomination to God. The church does, however, have a responsibility to the homosexual – to love them, to support them and to point them towards the truth in order that they may be set free.

**Baptist Church**

Gays have no more rights than other members of society. They should be accorded the same rights, not more, than any other member of society.

### EUTHANASIA-RIGHT OR WRONG?

**The Mosque**

Life is the most precious gift of man. Its preservation is compulsory at all times. Man has not the right of taking it without just cause. On the question of euthanasia there exists difference of opinion among the Muslim scholars. Some believe that once the life-saving medical equipment has been connected to the patient, it cannot be removed, and nature has to take its course.

Another school of thought believes that if an honest medical expert's diagnosis reveals no hope of recovery for a person in a coma, then it would be permissible. Treatment in such cases should be terminated. Terminating a person's life due to suffering is not allowed in Islam, since our concept of suffering differs from the conventional definition. Suffering may be physical but could be a spiritual blessing (if not self-induced).

**His People**

We value human life and we believe that we should do everything to protect it. There are two types of Euthanasia, namely active and passive. "Active Euthanasia refers to taking some purposeful action to the end a life, whereas passive euthanasia refers to the withholding or refusal of treatment to sustain life", says John S. Feinberg in "Ethics for a brave new world". We do not support active euthanasia.

**Baptist Church**

It is wrong to take the life of another (active euthanasia). However, it may also be wrong to prolong life artificially when the prognosis is hopeless. So, there may come a time when the treatment should be symptomatic rather than efforts being made to prolong the life. In these cases the patient should be allowed to die with dignity and without pain (passive euthanasia).

*"[Islam] believes that the greatest punishment ever to descend on mankind was as a result of homosexuality in the time of the prophet Lot."*

**– THE MOSQUE**

### WHO IS RESPONSIBLE FOR THE PREVENTION AND CONTROL OF CRIME/VIOLENCE?

**The Mosque**

This question requires a detailed answer. Once again the concept of "prevention is better that cure" is applied. No person is born a criminal. There are many factors which lead to criminality. Contributing factors would include upbringing, environment, poverty, personality, etc.

Parents are the first and foremost link in the chain of crime prevention. Secondly, society needs to be involved. The Quranic injunction of "command with good and prevent evil" is incumbent on every individual in society. By neglecting this fundamental principle of the Holy Quran, the individual as well as society as a whole would be regarded not only as guilty, but as party to such crime.

Thirdly, the religious have to play a key role in the prevention of crime. The overwhelming majority of criminals are inactive members of their respective religious institutions, mosques, churches or organisations. By mass mobilisation of the religious community, crime and violence could be brought under control, if not eradicated.

Fourthly, the government is responsible, via its safety and security departments as well as its judicial system, to ensure that criminals bear the consequences of their activities. It (government) has a moral duty to ensure the safety and security of all citizens. Hence, the responsibility for the prevention and control of violence and crime is a joint one of all the components mentioned above.

**His People**

Biblically it must be recognized that crime is a result of sin (Romans 7:17), and sin is rebellion against God and His laws (1 John 3:4). Rebellion, in return, exhibits a lack of self-government, which results in the maltreatment of others.

How a man governs himself internally affects his external actions (Romans 1:28-32). Man can only be properly self governed if his reason, will and appetite are ruled by God (Galatians 5:22-24).

Each person should love his neighbour as he loves himself, i.e. with respect, dignity, acceptance and individual worth, as God (Matthew 19:19) has created him.

The family, church and state all play a part in the prevention and control of crime. It is within the family context that a moral foundation is established. Children should be taught moral absolutes in the home, including a respect for authority.

The church has the responsibility of teaching the truth of God's word and speaking out against evil. The state's responsibility as mentioned in Romans 13 is to prevent and control crime.

Children and society in general must again be taught and re-awakened to the value of human life and the respect and dignity of every human who is created in the image of God.

**Baptist Church**

The State. The Church should however be preaching biblical standards of community behavior; Christians should be living out those standards and should also in accordance with the teachings of scripture, be praying for those who have been entrusted with the responsibility of government.

### FEMALE PRIESTS?

**The Mosque**

The Christian tradition's definition and practice of priesthood differs vastly with that of Islam. There is no such priesthood in Islam, hence the question of female priests does not apply to Islam.

**His People**

We encourage and welcome the ministry of all believers, whether male or female. As seen in scripture, women have a key role to play as leaders in the church (Judges 4:4).

**Baptist Church**

I am not willing to deal with this issue in a few lines.

# Life in the slammer: what your rights are


**JAN-HENDRIK BURGER AND EDWIN ELLIS**

IF YOU saw the title of this article, you would probably be ready to flick over to the next page of this week's *Die Matie*, since most students never think that they will ever be confronted with the trauma of an arrest or detention. But the unlikely odds of ever trying out those exotic exercises in the *Cosmo* never stopped anyone from reading on.

Here is the scenario: you have just been brought "down-town" by a police patrol who found you vandalising property after you overindulged in a couple of drinks. Crimes ranking similar in scale to this would be theft, shop lifting and other alcohol related offences. So what do you do? And what surprises await you at the police station? This week we look at the basic procedure taken by the police when dealing with such "lesser" crimes.

A person is under arrest when he is charged for allegedly committing an offence. Only at this point does his sec 35 (1) rights of the 1996 Constitution come into operation. These rights include the right to remain silent, the right not to be compelled to make a confession, and the right to appear before a court before the expiry of 48 hours. For constitutional purposes, the rights of an arrested are also afforded a person who is being physically detained. This is to ensure that the police do not circumvent the sec 35(1) rights by not arresting a person.

At the police station you will have to fill in a register form with a serial number. Such a form also serves as a notice of sec 35(2) rights in terms of the constitution. It is required that an officer inform you of your rights. On the form the reason for detention,




amongst other things, must be given. Should you refuse to sign such a form, a third person (usually a police officer) is required to sign the form as witness that you have been informed of your rights. The police are entitled to a name and address. Should you refuse to give information, you may be refused police bail. If information is submitted which the police suspects to be incorrect, they may detain you for 12 hours in order to verify the correctness thereof. If after twelve hours information is still refused or the information furnished was incorrect, you are guilty of a separate offence punishable by a maximum fine of R300 or three months imprisonment.

According to Captain Anton de Kock of the Stellenbosch police branch, it would be unlikely for the police to hold an accused in detention for one of these lesser crimes. Drunk related crimes are an exception. With these crimes the police are required by statute to detain the accused for four hours. All personal belongings must be removed from the accused before he is placed in a holding sell. This includes a belt, shoe laces, jewellery and money. A record must be kept of such belongings, along with a record of any injuries which the accused may have had before he entered the cell. An accused is allowed a phone call.

The type of crimes we deal with in this article allows for the option of "police bail" as opposed to bail which is only granted by a court of law. Police bail is given based on the discretion of the police officer. The discretion is exercised based on the correctness of the information given by the accused, and his prior record.

A lot more can be written about the procedural aspects which have become very important in our criminal law. Be sure of your rights as an accused, and be aware of the information the police are entitled to. If you know this, actual detention may not even be necessary.

# Squash features at SASSU champs

NICOLE STOCKL

THE MATIE squash team held their own against other universities in the country in the annual SASSU tournament held from 4-9 July. Stellenbosch entered two teams in both the women's A Pool and the men's A Pool.

Despite the absence of other key players, the Maties were able to put on a good show, improving their performance from last year.

## An injury plagued team

With the injury of second seed Kelly Muzzel, the women were forced to move up places, but the ladies took to the challenge with Ashleigh Jones (first seed) and Sam Dickinson playing superb squash.

Even though the ladies had a bad draw, they managed to finish in the sixth position out of the ten teams in their pool.

The men's performance complemented the form of the women. The team was incomplete, but succeeded in obtaining a creditable sixth place.

Riaan van Tonder astounded his opponents with his good form, winning three matches and finally losing in a close final pool match to Pietermaritzburg, which also resulted in him missing the playoff for the South African team.

His team mate and chairperson of the club, Gary Hughs, also performed well, winning five out of his eight matches.

## *Koshuis* squash finishes

The *koshuis* league is coming to an end with the men's final between Helderberg and Hippokrates being played on 1 September. The women's final will be played on 2 September and will be contested between Serruria and Erica.

# Maties netbal vierde in Suid-Afrika



**MATIES 1 EN VICS IN AKSIE** Natasha Theron en Mariet Hefer pak die stryd aan.

SPORTREDAKSIE

DIE SUID-AFRIKAANSE netbalklubkampioenskappe het laas naweek, 20 en 21 Augustus, plaasgevind in Bloemfontein waar die neëntien topklubspanne in die land bymekaargekom het. Met 'n jong en talentvolle span het Maties 1 ook baie goed gevaar en 'n algehele vierde plek behaal.

Die span van Stellenbosch het die toernooi uitstekend begin en het in hulle afdeling net vasgeval teen die Normaal Kollege Pretoria (NKP), wat ses nasionale spelers bevat het, terwyl Lorraine Vodacom en PCO Young Ones ('n klub uit Soweto) albei deur die Maties verslaan is. Hulle het tweede in hulle poel geëindig.

In die semifinaal het die span te staan gekom teen die klub van Bellville, wat vier Springbokke bevat, en het ongelukkig met 38-51 verloor.

Dit het gelei daartoe dat hulle vir die derde posisie in die kampioenskap moes uitspeel teen die span van RAU (Randse Afrikaanse Universiteit), en na 'n baie tawwe wedstryd het hulle met net vier doele die onderspit gedelf. Die telling was 35-39.

NKP het met die louere weggestap, terwyl die Bellville-klub tweede gekom het.

## Van 'n hoë standaard

Volgens me Sandra du Plessis, die hoofafrigter van die Maties, was die toernooi van 'n hoogstaande gehalte. "Dit is 'n jong span wat deelgeneem het. Ek is trots op die Maties en die kwaliteitspel wat ons gespeel het." Sy het ook verwys na die ervaring wat die jong spelers opgedoen het by die kampioenskap.

Verder was die Matiespan en dié van Pukke die enigste twee studentespanne wat aan die kampioenskappe deelgeneem het.

# Vroue ook op gholfbaan by ontwikkelingstoernooi

HELEEN GOUSSARD

MATIES het 'n reputasie as die top gholfspan. As beide die SASSU en Boland Liga kampioene, is hierdie reputasie heeltemal geregverdig.

Die Gholfklub is besonder aktief en daar word maandeliks 'n gholfkompetisie vir lede gehou. Hierdie kompetisies vind op die verskillende gholfbane in die Boland plaas, en 'n gebruiklike ete, kuier en pryse dra by tot die pret. Hierdie maand se kompetisie was by die Paarl-gholfbaan en is deur Ruben Barnard en André Botes gewen.

## Vroue baie talentvol

'n Ontwikkelingsdag is op 18 Augustus gehou om hierdie oorwegend mansport aan die vroue bekend te stel. Die geleentheid was 'n reuse-sukses en het vroue vir die eeste keer by die gholfklub se bedrywighede betrek. Die afstand wat party van die vroue die bal kon slaan, het baie van die mans aangenaam verras.

## Roux, Sullivan presteer

Tussen al die pret en plesier deur word daar ook uitstekende gholf gespeel. Twee van die klub se spelers, Gerlou Roux en Scott Sullivan, is verkies tot die Boland-span wat gedurende die week van 19-26 September deelneem aan 'n interprovinsiale toernooi. Sullivan is ook verkies as die o/23 WP-span se kaptein.

'n Besondere eer het ook die twee spelers te beurt geval toe hulle albei gekies is om in die Bodyquich Memorial toernooi op die geskiedkundige St Andrews gholfbaan in Skotland deel te neem. Roux het hier ook in 'n algehele agste plek geëindig. In 1997 het hy in dieselfde toernooi 'n derde plek behaal.

# US tennis op hoë peil

MATIE TENNIS was nog altyd van die beste in die land. Die manspan is die verdedigende SASSU-kampioene, en die vroue seëvier alreeds twaalf jaar in hierdie toernooi.

Die klub se top-manspeler, Gerrit Steenkamp, het pas teruggekeer van Europa waar hy vier toernooie gewen het. Sy vroulike eweknie, Karin van der Merwe, het gekwalifiseer vir die Spar Damesdubbels toernooi by Sun City.

Tans is die lede van die klub besig met uitspeelwedstryde om die spanne vir die WP- en Boland-ligas te finaliseer.

Die juniors vaar ook nie te sleg nie, met Minette Weirich, wat onlangs nog internasionaal deelgeneem het, die wenner van die eerstejaarstoernooi.

# Koshuisrugby Derby-dag lei tot skok-nederlae

EUNICE VISAGIE

VRYDAG 20 Augustus was die jaarlikse Derbydag. Dit is wanneer die vyandigste manskoshuise mekaar op die rugbyveld aanvat. Huis Marais het te staan gekom teen 'n begeesterde Huis Visser, maar gees alleen was nie genoeg nie, en Huis Marais het geseëvier met 20-13.

Helshoogte het Eendrag aangepak, en die blou haan het aan die einde van die wedstryd deur die berge van Stellenbosch koning gekraai. Die eindtelling was 10-3.

Medies het die boere van Elsenburg net-net met 16-15 geklop, terwyl Dagbreek daarvoor gesorg het dat die manne van Majuba 'n rugbyles geleer is deur te seëvier met 31-0. Die kersie op die koek vir Dagbreek was toe hulle die beker gekry het vir die span wat die aanskoulikste rugby gespeel het.

Simonsberg het vir die eerste keer in jare Wilgenhof laat les opsê deur hulle met 20-15 te klop.

Helderberg het ook seker gemaak dat hulle die Derby teen Hombre wen deur vyftien punte teenoor nege aan te teken.

Die afgelope naweek is rugbygeesdriftiges geskok toe Elsenberg vir Simonsberg met 10-7 gewen het. Dit het veroorsaak dat Simonsberg op die punteleer afgesak het tot die vyfde posisie.

Dagbreek het ook 'n goeie oorwinning oor Hombre behaal met vyftien punte teenoor nul. Libertas bly dus in die eerste posisie met Wilgenhof tweede. Hulle word gevolg deur Dagbreek en Medies in die derde en vierde plekke.



**DIE SOEKTOG NA DIE TOPPOSISIE** Libertas-PSO en Eendrag pak mekaar aan in die koshuisliga. Tans is Libertas voor met 37 punte, met Wilgenhof net een punt agter hulle. Eendrag het sewentien punte.

LONDON PIE CO.

Freshly baked pies daily

15 Different pie flavours to choose from for R4,90

Student Combo (FULL NEELSIE)
Pie of your choice + chips, gravy and 500ml soda
ONLY R9,90

Chips ............................ (S) R3,95
(big portions) (L) R5,95

Sodas (Fanta, C/soda, Coke, Coke light) .................. (S) 350ml R1,90
(L) 500ml R2,70

Filter Coffee ............................ R2,70

Add taste to your Pie or Chips with Roast Meat Gravy for ONLY R1,00

The Ultimate Pie
Est. 1994
London Pie Co.

Best service with a smile!

**NETBAL**
Maties netbal vierde in nasionale klubkampioenskap
**p15**

*Matie***Sport**

1 SEPTEMBER 1999

**KOSHUISRUGBY**
Net twee wedstryde voor die semi-finaal
**p15**

# Maties display champagne rugby at Intervarsity

ANDREW RICHMOND AND HEATHER D'ALTON

FRIDAY 27 August wrapped up the intervarsity week against the old rivals, UCT, with a rugby match. An estimated 2000 spectators turned up at Coetzenburg Stadium to join in with the closing intervarsity festivity of the year. Matie FM were there to set the vibe as students danced and drank the night away.

Maties scored early on in the match through left wing Herman Mostert. From here on in, however, they struggled to gather momentum. UCT came right back at them by scoring a try of their own through centre Rory Viljoen.

The Matie pack, led by captain Louis Blom, dominated in every phase of the game, with Blom and Drikus Hancke having particularly impressive games. Right wing Len Wilmot scored one more try for Maties before half time. The half time score was 14-5.

After the break, Maties came out firing with some superb backline handling, a sign that the new centre pairing was working effectively. The forwards set up quick second phase ball to get the ball out wide where fullback Chris Rossouw showed his class in setting up Maties flyer Mostert for one of his four dazzling tries. Maties flyhalf Gareth Wright also had a great game as he was potent in attack and defence.

In the second half tries came through Rossouw, Mostert and scrum-half Charl Blom. Maties goal-kicker Willem de Waal converted six of the eight tries.

In the end, UCT could not penetrate Maties' resolute defence and could only add another unconverted try by eighthman Robin Cockrill, to lift their score to 12. In the last ten minutes of the match, Maties played champagne rugby as they ran in some spectacular tries to end the game 52-12 (eight tries to two) in favour of the home side.

The event proved to be very successful as a well organised Intervarsity committee led by chairperson De Jongh Borchardt were able to hand over a R5000 cheque as a bursary to benefit the previously disadvantaged communities.

PHOTO: WERNER BARNARD



**UP CLOSE AND PERSONAL** Maties and Ikeys face each other in what was a very physical Intervarsity match on Friday evening. On several occasions the referee was called in to separate the two teams.

### Second loss in club champs

In the meantime, Stellenbosch 1 suffered a shock defeat to Crusaders Technikon, the club champions from Port Elizabeth, on Saturday 21 August when they went down by 26-33. According to captain Louis Blom, this is also only the second time in two years that this team has lost in the Supersport Club Championships.

The first half of this match was highlighted by a good try from the Maties team scored by Herman Mostert (left wing). At the break the score was 7-3.

It was in the second half, however, that the match came alive with no fewer than seven tries being scored. The visiting team first went on the rampage in the 15th minute when, after continuous pressure, eighthman Charl de Villiers found a gap in the Maties defence to score under the posts. In the space of two minutes, Crusaders Tech succeeded in stunning the local team and supporters when they ran in a further two tries.

Trailing by 7-22, Stellenbosch tried hard and were eventually rewarded in the 35th minute when good ball handling allowed Mostert to score his second try. Crusaders retaliated a minute later by scoring in the corner. But two more tries by Maties through Chris Rossouw and Mostert, giving him his hatrick, brought them and the crowd back into the game. The score was a nail-biting 26-30. However, referee Jonathan Kaplan awarded the visitors a penalty in the final minutes of the game, securing the victory for them.

After the match a very disappointed Louis Blom attributed the loss to a lack of commitment, "They wanted it more than us and were more psyched up. We struggled to cope with the pressure." Mr Belius Potgieter, ma-nager of the side, also voiced his disappointment. "We made basic errors with bad ball handling and bad tackling," he said. The Maties will still go through to the semi-finals where they will face Welcome Rovers (NFS) in Bloemfontein.

In another exciting match, the Maties team playing in the Western Province league remained on target for this championship when they beat rivals Tygerberg 26-22.

SONY • Nikon • MINOLTA • PENTAX • FUJI
KONICA PSION • HEWLETT PACKARD • SIGMA • Panasonic • Canon

For all your photographic needs come to

PHOTOGRAPHIC QUALITY SERVICE & ADVICE

AUDIOLENS

Shop 132, Eikestad Mall
Discount to Students on presentation of Student Card

Tel. 886 6894

# US rowers prove themselves in Spain



**US WINNERS IN SPAIN** Rowers Morné Vorster and Warren Jacobs held the university's name high by winning the Gijon, one of many races held in Spain. This event took place earlier in August.

HEATHER D'ALTON

SPAIN: country of Sangria, siesta and also the Sella, one of the biggest rowing events in Europe and the world today. And, as usual, the University of Stellenbosch enjoyed its share of representation in the race through Maties Morné Vorster and Warren Jacobs, who succeeded in obtaining a fifteenth place in the K2 event.

The main race, which took place in the small town of Ariondas this year, attracted more than 2000 participants from 30 countries around the world. In front of 300 000 spectators on a field more than five times the size of Newlands, the two Maties achieved their remarkable position in the 18km race. But accompanying them on their return to South Africa was a distinct underlying sense of disappointment.

"Last year we came seventh in the race, so we definitely hoped to do better," Jacobs said.

They did, however, succeed in making up for this when, in the smaller races held in the week between 7 and 16 August, they obtained a first place in the Gijon and a fourth place in the Nalan. The organisers of the event then went on to invite the Matie rowers to race in the Pontevedra along with ex-Matie Angus McIntosh and also Aidan Hartley. Here they achieved a seventh position.

Other Matie rowers who took part in the races in Spain, included Ernest van Riet, Alex Meiring, France Hendrik Bouer and ex-Matie Charlie Heatlie. Approximately 40 other South Africans were also there at the time.

Vorster (23), a fourth year medical student, and Jacobs (21), who is studying B.Sc, have both also just come from a successful Berg River Canoe marathon where Vorster came twentieth and Jacobs fifteenth.

According to Warren, it is very hard to attempt to train and study at the same time. "It's all about time management," he says, adding, "Some do it better than others." Considering their recent achievements, this might become even more problematic than ever before.